


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 4, No. 1

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Die Groot MISLEIER

Waar Hy praat van traumatiese en aardskuddende gebeure wat Sy Wederkoms onmiddellik vooraf sal gaan, sê Jesus Christus: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36). Soos die meeste van u egter moontlik besef, lees baie min mense selfs hierdie gedeelte van die Bybel, wat nog te sê van dit *verstaan*.

Trouens, baie min mense *bestudeer* werklik die Bybel. Baie lees “besielende” gedeeltes soos Psalm 23, maar *uiters* min delf in die Bybel en probeer dit stelselmatig ontleed en waarlik verstaan. Die God van die skepping is nie vir hulle “werklik” nie. Indien hulle hoegenaamd enige godsdiens het, bestaan die kans dat dit gegrond is óf op steriele, formele rituele, óf op 'n gesing, 'n geteem en opgewerkte menslike emosies. Die meeste belydende Christene *bestudeer* egter uiters selde die Bybel, *drink* daarvan in of *mediteer* daaroor en *gee* hulself *dan oor* om te *glo* en te *doen* wat dit eintlik sê!

Wanneer die *reusagtige* gebeure waaroor u Bybel regstreeks profeteer dus in die komende jare begin plaasvind, gaan die meeste mense werklik *geskok* wees. Waarom? Omdat hulle so “uit voeling” is met die *uiteindelike werklikheid* – die ware God van Abraham, die God van die Skepping:

die God van die Bybel.

Nadat Hy 'n eindtydse inval van die groot stad Jerusalem beskryf, sê Jesus Christus: “En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlijkheid” (Lukas 21:25-27). Ekskuus? Sal mense hierdie dinge werklik **sien**? Ja! **En dit sal in die leeftyd van baie van u gebeur!**

Waarom wil dit dan voorkom asof so min mense selfs bewus is van wat gaan plaasvind? Dit is omdat hulle mislei is. U Bybel beskryf Satan as “die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld **verlei [mislei]**” (Openbaring 12:9). Die apostel Paulus is geïnspireer om Satan te beskryf as die “owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” (Efesiërs 2:2).

Hierdie meester*bedrieër* het 'n manier om die meeste mense se aandag af te lei, hul tyd in beslag te neem, te veroorsaak dat hulle “oppervlakkige Christene” – indien enigsins Christene – is. Hy trakteer hulle met *duisende ure* van doellose televisieprogramme wat subtiel – en dikwels nie so

subtiel nie – geweld, ongeoorloofde seks, perversie, plesiersoekery en minagting van ouers, onderwysers en bykans alle gesag aanmoedig.

Daar is selfs meer. As die “owerste” van hierdie wêreld se atmosfeer – in oorhoofse beheer van die media waarna die meeste mense kyk en luister – *bombardeer* Satan letterlik die verstande van tallose miljoene mense met rolprente en televisieprogramme oor ruimtewesens en oorloë tussen wesens van verskillende sterrestelsels vir beheer van die ganse heelal. Vir baie mense blyk dit onskuldig te wees, maar hierdie voorgee “ontsnappingsrolprente” en televisieprogramme raak dikwels aan die dinge wat die Grote God sê gaan gebeur, plaas 'n verdraaide “kinkel” daarop en maak dit **goedkoop!**

Baie slim!

Omdat hierdie kragtige geesteswese, Satan die duiwel, basies weet dat wat God sê gaan gebeur, kan hy die moderne media gebruik om 'n *vals weergawe* van toekomstige gebeure in die gedagtes van mense te plaas. Hoe opgewonde, verootmoedig en geraak deur God se profesieë sal die meeste van ons jeug wees, nadat hulle na tallose ure van geweld, oorlog, intrige en “buitertuimtelike invalle” gekyk het?

Inderdaad, wanneer die dwergagtige Yoda vir Luke Skywalker sê: “Gebruik die **mag**”, neem dit moontlik van die

Vervolg op bladsy 28

Inhoudsopgawe

Voorblad: Persoonlik

Die Groot MISLEIER

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

Hoofartikel.....3

'n Nuwe “Keiser” in Europa?

Profesieë in Vervulling: Waar is die “Verlore” Stamme van

Israel.....8

Die Uitverkore

Volk.....10

Kry balans rakende

gesondheid.....15

Bestudeer die

Bybel!.....20

Wat is deurslaggewend in u

lewe?.....24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streeksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

'n Nuwe "Keiser" in Europa?

Deur Roderick C. Meredith

*'n Kragtige mag is besig om agter die skerms die lotsbestemming van Europa, sowel as die ganse wêreld, te vorm. Dit sal ons lewens **grootskaals** raak op maniere wat die meeste mense hulself nie tans kan indink nie!*

Die verwelkte figuur van 'n ou en baie siek pous verskyn van tyd tot tyd op ons televisieskerms en in ons koerante. Karol Wojtyla is nou 84, ly aan Parkinson se siekte en blyk die einde van sy dae te nader. As mees berese pous in die geskiedenis, beeld hy 'n opregte en vriendelike bejaarde omie uit wat die wêreld help om die weë van God te verstaan.

Tog, 'n paar minute later, sien ons moontlik die televisiebeelde van Rooms-Katolieke biskoppe met hoë range of priesters wat beskuldig word van gruwelike misdade en sondes. Hul onlangse geskiedenis van seksuele molestering van honderde jong manne herhaal net hierdie soort priesterlike gedrag wat oor die eeue heen plaasgevind het. Selfs Katolieke geskiedkundiges erken dat baie van hul pouse en biskoppe minnaresse en buite-egtelike kinders gehad het, soms die biskopsamp vir geld verkoop het en baie ander oorskrydings begaan het wat 'n opregte Christen sou laat bloos.

Die Rooms-Katolieke Kerk is egter 'n organisasie van geweldige mag en aansien oor die wêreld heen. Met meer as

een biljoen aanhangers, beheer dit die Vatikaanstad – 'n afsonderlike stadstaat binne die land Italië. Daarom, selfs al is dit 'n kerk, word hierdie reusagtige organisasie toegelaat om ambassades met geloofsbriewe te hê in die lande van die wêreld, asof dit 'n gewone soewereine land, asook 'n kerk is. Deur die eeue het dit geweldige invloed op die volke van Europa, Sentraal- en Suid-Amerika uitgeoefen. In Europa het talle staatshoofde letterlik hul krone van die pous ontvang – simbolies van hul onderdanigheid aan hom en die kerk wat hy verteenwoordig. Baie nasionale opstande en talle oorloë is deur die Vatikaan aangehits – 'n aardse mag wat geen gewetenswroeging het om in wêreldpolitiek in te meng nie.

Tans – *reg voor ons oë* – vind 'n laaste herlewing van die sogenaamde "Heilige Romeinse Ryk" in Europa plaas. Tog herken die meeste mense nie wat aan die gebeur is nie. Die meeste sien dit óf nie raak nie, óf hulle weier om die *dramatiese uitwerking* te erken wat hierdie herlewing op hul lewens en dié van hul kinders en geliefdes gaan hê.

In Brittanje maak die bekende *London Daily Telegraph* van 21 Julie 1991 die stelling: "Karol Wojtyla berei kalm voor om die mantel op te neem wat hy so plegtig glo sy Goddelike Reg te wees, dié van die nuwe Heilige Romeinse Keiser, wat heers van die Oeralgebergte tot aan die Atlantiese Oseaan". Die "stigtersvaders" van die Europese Unie word opgegee vir heiligheid deur getroue Europese Katolieke; Alcide De Gasperi en Robert Schuman is goed op pad om hierdie uiterste vorm van goedkeuring van die Rooms-Katolieke Kerk te verkry. Soos een ondersteuner van hul heiligverklaring dit stel: "Ek dink dat die Europese Unie nie net 'n ontwerp van mense is nie, maar van God". Die einste handeling van heiligverklaring van politici is 'n manier waarop ondersteuners voorstel dat Europese eenwording God se wil is en dat diegene wat dit lei, deur "goddelike reg regeer".

Soos die bekende skrywer Adrian Hilton onlangs sê: "Die aangeleentheid van Europa se godsdienstige eenwording is selfs dieper verswyg as die planne vir politieke eenwording,

maar die slagrat na 'n Katolieke Europa is ewe werklik. Die pous se onlangse eis dat 'God' 'n rol speel in die opkomende Europese grondwet is beaam deur baie leidende Katolieke politici en biskoppe. Hoewel so 'n aanmerking op die keper beskou slegs Europa se ateïste en humanitêrgesindes kan aanstoot gee, moet ons let daarop dat wanneer die Vatikaan na God verwys, sy haarself sien as God se onfeilbare onderheerser op aarde, die leidende orgaan van goddelike uitdrukking; inderdaad, volgens sy publikasie, *Dominus Iesus* (5 September 2000), as die enigste tussenganger in die saligmaking van God se uitverkorenes, wat daarop aandring dat alle ander Kerke, insluitend die Kerk van Engeland, 'nie Kerke in die ware sin is nie'. Die Roomse Kerk is gegrond op 'n politieke dogma wat daarop aanspraak maak dat die pous 'die opperheerser van die wêreld' is; meerwaardig as alle konings, eerste ministers en presidente. Hierdie geestelike en wêreldlike aansprake bly sterk fundamentele dogmas van die Katolieke leringe wat die pous toelaat om deur kardinaal Ratzinger, die Prefek vir die Gemeente van die Leerstelling van die Geloof, duidelike amptelike opdragte aan Katolieke politici uit te vaardig oor hoe hulle moet stem. Aangesien hul gehoorsaamheid beskou word as 'n 'morele verpligting', wentel alles af na die oorweldigende Katolieke Europese Ministersraad,

Kommissie en Parlement, met die pous as uiteindelijke Keiser" (*The Spectator*, 30 Augustus 2003).

Die hoer van Openbaring

Die grote God wat die opkoms en val van volke stuur, waarsku ons oor wat binnekort gaan gebeur; trouens, *wat tans begin gebeur* terwyl ek hier skryf. Die Skepper het die apostel Johannes geïnspireer om ons te waarsku oor die einste kerk/staat-stelsel wat nou, stadig maar seker, op die Europese vasteland saamgestel word. Die tydsraamwerk van hierdie profesie is duidelik die **einde** van hierdie huidige tyd – wanneer misleide mense letterlik met Jesus Christus sal oorlog voer met Sy Wederkoms! Die geïnspireerde Apostel skryf: "En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslanderlike name, met sewe koppe en tien horings" (Openbaring 17:1-3). Let daarop dat hierdie "vrou" op die Dier "sit" wat hier beskryf word. Hoewel sy minder liggaamlike krag het, is die "vrou" duidelik *in beheer!*

Wie is hierdie geheimsinnige vrou? Die vertelling lui dat sy op

"baie waters" sit (vers 1). Johannes onthul in vers 15: "Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale".

Hierdie "vrou" het dus groot mag en invloed oor tallose miljoene mense in verskillende lande wat verskillende tale praat. Weereens word dit uitgebeeld dat sy "sit" op, of in beheer is van, die Dier wat "sewe koppe en tien horings" het (vers 3).

Die term "vrou" word deur die Nuwe Testament gebruik as 'n simbool vir 'n *kerk*. In Openbaring 12:12-14 word God se ware Kerk uitgebeeld waar sy vlug "na die woestyn" – 'n plek *hier op aarde* – om die vervolging en toorn van Satan vry te spring. In 2 Korintiërs 11:1-2 word die ware Kerk uitgebeeld as 'n vrou – die verloofde bruid van Christus. In Efesiërs 5:22-23 beskryf die apostel Paulus duidelik die Kerk as die *vrou* van Jesus Christus.

Die "vrou" van Openbaring 17 is ook 'n "hoer". Sy het die inwoners van die aarde "dronk" gemaak met haar vals leerstellings en Babelse praktyke. Haar naam – soos *God dit sien* – is "Verborgeneid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (vers 5). Sy is dus 'n "moederkerk" en sy het – en sal – 'n groot *vervolgsugtige* kerk wees "dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus" (vers 6).

Hierdie gevalle vrou van Openbaring 17 sit op 'n "Dier". Wanneer 'n mens hierdie

profesie van Openbaring 17 vergelyk met Openbaring 13 en Daniël 7, word dit duidelik dat hierdie “Dier” die *herleefde* Romeinse Ryk is. Vir die volle en geskiedkundige bewys hiervoor, skryf of skakel gerus vir u gratis eksemplaar van ons boeiende en insiggewende boekie, *Die Dier van Openbaring*. Dit sal *gratis* op versoek aan u gestuur word.

Aan die hoof van hierdie herleefde Europese Ryk – die Dier – sal 'n superdiktator of keiser staan wat ook die “Dier” genoem word. In Daniël en ander Bybelprofesieë word die terme “koning” en “koninkryk” dikwels uitruilbaar gebruik, aangesien daar in antieke tye feitlik geen demokrasieë was soos ons dit vandag verstaan nie. Die koning se wil was die wil van die koninkryk, wat deur die koning verpersoonlik is.

In sy sewende en laaste herlewing, sal die Romeinse Ryk bestaan uit tien konings of heersers. “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier” (Openbaring 17:12-13).

Waarom sou vleeslike, ambisieuse politieke leiers egter vrywillig saamkom en hul gesag aan een superkoning of keiser gee? Is dit omdat hulle kragtig deur die vrou beïnvloed sal word om dit te doen – deur die groot gevalle kerk wat op “volke en menigtes en nasies en tale” sit?

Die groot vals profeet

In Openbaring 13 beskryf Johannes die “Dier” wat 'n “dodelike wond” gehad het, as die antieke Romeinse Ryk. Hierdie ryk het in 476 n.C. tot 'n val gekom, maar is “genees” toe keiser Justinianus dit in 554 n.C. laat herleef. Toe – so vertel die geskiedenis ons – word dit die “Heilige” Romeinse Ryk. Waarom “heilig”? Omdat dit van toe af grootliks beïnvloed en soms regeer is deur die *p o u s d o m*, *d e u r d i e* oorheersende kerk van die Middeleeue.

In Openbaring 13:11-14 beskryf Johannes 'n “ander” Dier. Hierdie Dier “het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak” (vers 11). Regdeur die ganse Nuwe Testament word Jesus Christus uitgebeeld as die “Lam” van God (Johannes 1:29; Openbaring 19:7). Satan word uitgebeeld as 'n draak: “En die groot *draak* is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei” (Openbaring 12:9).

Daarom is hierdie tweede “Dier” van Openbaring 13 'n man wat *blyk* soos Christus te wees – hy kom met groot vertoon van vroomheid, heiligheid en welwillendheid. Maar sy **boodskap** – wanneer hy “soos 'n draak” praat – sal 'n slinkse en slim misleidende boodskap van Satan die duiwel wees!

Hy is die een wat die tien konings of heersers in die komende Europese Ryk sal beïnvloed om hul mag vir 'n kort

tydjie oor te gee, want hierdie tweede “Dier” – hierdie vals profeet – “doen ook **groot tekens**, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy **verlei** die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het” (Openbaring 13:13-14).

Pous Johannes Paulus 2 is baie oud en baie sieklik. Sy lewe mag te enige tyd tot 'n einde kom. Sy gesondheid is so verswak dat hy dalk reeds te sterwe kon kom teen die tyd dat u hierdie artikel lees. Sal sy opvolger die *laaste* pous wees? Nie noodwendig nie. Ons moet onthou van die baie kort opperpriesterskap van sy voorganger, Johannes Paulus 1, wat volgens sommige vertellings selfs vergiftig kon gewees het in 'n ongewone Vatikaanse sameswering wat 'n magstryd op die hoogste vlak behels het (een vertelling hiervan word gegee deur die bekende Britse skrywer, David Yallop, in sy deeglik aangetekende boek, *In God's Name*).

Johannes Paulus 1 het vir slegs 33 dae regeer! Die volgende pous kan dus ook vir 'n *baie kort tyd* in sy amp staan. Dit is waarom Jesus, toe Hy van profetiese gebeure praat, ons vertel om te “waak en bid” (Lukas 21:36). Ons word nie die *presiese* tye en plekke gegee vir

al die komende profetiese gebeure nie. Die hoofgebeure en die oorhoofse patrone is egter duidelik. Daar lê vir ons baie interessante en selfs *verstommende* gebeure voor in die volgende vyf tot vyftien jaar of so – gebeure wat **niemand** kon voorsien behalwe deur die duidelike lig van Bybelprofesie nie!

Hoe dit ookal sy, die laaste groot vals profeet sal ongekende *miljoene* mense mislei “deur die **tekens** wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen” (vers 14).

U word GEWAARSKU

Die apostel Paulus is ook geïnspireer om ons te vertel van hierdie vals profeet wat binnekort sal kom. Let op Paulus se uiters sombere waarskuwing in 2 Thessalonicense 2:3-4: “Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbedding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is”. **Wie** is hierdie man wat die ongelooflike arrogansie het om vir homself titels en heerlikheid op te eis wat slegs aan **God** behoort?

Paulus beskryf die godsdienststelsel wat hierdie man voortbring as “die verborgenheid van die **ongeregtigheid**” (vers 7) – 'n godsdienst wat God se wette

verander het, weggedoen het met Sy Sabbatte en opregte gehoorsaamheid aan die Woord van God vervang het met praal, seremonie en heidense rituele! Hierdie komende “ongeregtige” sal bemaagtig word “volgens die werking van die Satan met allerhande **kragtige dade en tekens en wonders van die leuen** en met alle hande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die **waarheid** nie aangeneem het om gered te word nie” (verse 9-10).

Dit is noodsaaklik dat elkeen van u geagte lesers die belangrikheid van daardie laaste frase verstaan: “die *liefde* tot die **waarheid**”. Dit is die uiteindelijke “sleutel” tot die toekomstige welstand van elkeen van u en u geliefdes! Wanneer hierdie aanloklike persoonlikheid dan in Europa op die toneel verskyn en die ontsaglike mag van die “vrou” van Openbaring 17 gebruik om die Dier te oorheers en te stuur, sal dit **maklik** wees om te berus en te voel om “bloot oor die weg te kom”. Dit sal vir u – *en vir baie top godsdiens- en politieke leiers* – maklik wees om uself oor te gee aan die leierskap van hierdie komende vals profeet en die Dier wat hy so sterk beïnvloed. Die groot getalle mense daarby betrokke, die mag en die skynvertoon sal alles 'n dramatiese uitwerking op **biljoene** mense hê! Hierdie man sal op stuk van sake in staat wees om groot tekens en “wonders van die leuen” te doen, dus sal die meeste mense aanneem dat hy *God se spesiale*

verteenvoorder op aarde is.

Laat ek u nou 'n lewensbelangrike leidraad gee: die *soort* wonderwerke en tekens wat hierdie vals profeet doen, sal nie dieselfde wees as dié wat deur Jesus en die oorspronklike Apostels gedoen is nie. Hulle het hoofsaaklik genees deur stille, opregte gebede en dikwels deur salwing met olie as simbool van die Heilige Gees (Markus 6:12-13; Jakobus 5:14). Hul wonderwerke het ware bonatuurlike *genesings* behels wat uitgevoer is in die naam van Jesus Christus – **nooit** vreemde verskynsels, blink kruise, “bloeiende” beelde wat veronderstel is om Jesus of Maria uit te beeld nie, ens. Soos die laaste oorlewende van die oorspronklike Apostels geskryf het: “Wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Johannes 3:22).

Jesus se *ware* leraars sal nederige mans wees met skoon lewens wat getrou die woord van God onderrig – **nie** heidense leerstellings en rojale rituele wat in Christendom ingebring is gedurende die Middeleeue nie. Jesus se eie leraars sal getroue navolgers van die nederige skrynwerker van Nasaret wees, wat mense gedurig na die Bybel verwys het en mense 'n *leefwyse* geleer het wat gegrond is op opregte gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie (Mattheus 19:16-19).

Dink daaroor! Soos God beveel: “**Beproef** alle dinge; behou die goeie” (1

Thessalonicense 5:21). Indien elkeen van ons, individueel, God se Woord werklik *bestudeer* en vir *begrip* vra, sal ons nie mislei word nie. Toe Hy praat van die *heel einde* van die laaste dae, sê Jesus: “Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Maar julle moet op jul hoede wees. Kyk, Ek het alles vir julle vooruit gesê” (Markus 13:22-23). Daarom moet ons na aan die ware God van die Bybel wees, anders **sal** ons deur daardie vals leraars mislei word!

Hierdie nuwe “Keiser” in Europa, aangemoedig en grootliks beïnvloed deur die vals profeet en sy wonderwerke, sal oor **ontsaglike** mag beskik. U Bybel sê baie duidelik: “En **al** die bewoners van die aarde sal hom **aanbid**, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie” (Openbaring 13:8). Dit is moeilik vir ons om ons so 'n tyd in te dink.

Baie van ons wat ouer is, sal onthou hoe ons die vurige toesprake wat Adolf Hitler voor Duisende mense by Nuremberg saamtrekke en elders gegee het, beleef en dit op film gesien het. Ons onthou die krag, die uitwerking en die massa-histerie wat deur daardie waansinnige man opgesweep is. *Hoeveel groter* uitwerking sal die laaste “*führer*” op 'n verwarde wêreld

hê – veral wanneer hy gerugsteun en bekragtig word deur 'n belydende man van God wat fantastiese wonderwerke doen?

Die EINDE van hierdie ongeoorloofde stelsel

God roep Sy ware mense om uit hierdie ganse stelsel wat Hy “die Grote Babilon” noem te kom en *daaruit te bly*. Terwyl Hy in die toekoms kyk, sê God vir ons: “Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: **Gaan uit** haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (Openbaring 18:2-4).

Hierdie herleefde Romeinse Ryk sal inderdaad vir 'n kort tyd lank “ryk” word (vers 3). Dit sal 'n groot versoeking wees om daarby in te val, aangesien die *korttermyn* “winste” baie aantreklik sal wees, maar wat sal in die *langtermyn* gebeur? “Met vuur sal sy verbrand word, want **sterk** is die Here God wat haar oordeel” (vers 8).

Wat sal die 'uiteinde' van hierdie komende Keiser en die vals profeet wat hom ondersteun wees? Jesus vertel ons deur Sy diensknege Johannes: “En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die vals profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. *Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand*” (Openbaring 19:19-20).

Nie 'n baie glorieryke toekoms vir hierdie twee geslepe individue wat hulself aan die duiwel verkoop het nie!

Waar sal *u* egter wees? Hoe sal *u* reageer wanneer hierdie geprofeteerde gebeure ontvou?

Sal u die begrip en moed hê om u vertrou in die onsigbare God te stel en *te doen wat Hy sê*? Sal u die *ware* Jesus Christus toelaat om Sy gehoorsame lewe binne u te leef deur die Heilige Gees?

Mag God u help om hierdie tydskrif *aandagtig te lees* en *te verstaan*. Mag Hy u inspireer om die Bybel waarlik te **bestudeer** en te vra vir Sy hulp om volgens *elke woord* van God te leef (Lukas 4:4). Mag Hy ook aan u die *moed* gee wat u beslis sal benodig in die traumatiese jare wat voorlê. §

Profesieë in Vervulling: Waar is die “Verlore” Stamme van Israel?

Deur Douglas S. Winnail

Geleerdes en Bybelstudente wonder lank reeds oor waar die Verlore Stamme van Israel hulself bevind. Baie het aangeneem dat hulle na 'n tydperk van gevangenskap in antieke Assirië uit die geskiedenis verdwyn het of dat hulle na Jerusalem terug gedwaal en as Jode bekend geword het. Ander beweer dat hulle die Verlore Stamme in die een of ander afgeleë uithoek van die aarde “opgespoor” het. Hierdie bespiegelende idees laat egter na wat die Bybel onthul en wat in die geskiedenis opgeteken staan oor die Israelitiese stamme.

Die meeste hedendaagse geleerdes begryp eenvoudig nie die belangrikheid van Bybelprofesieë wat die huidige liggings aandui van die sogenaamde Verlore Stamme nie. Hoewel baie profesieë *verseël* is “tot die tyd van die einde” (Daniël 12:4), is voorspellings oor die stamme van Israel *bedoel om verstaan te word net voor die Wederkoms van Jesus Christus!* Hierdie merkwaardige profesieë word vandag vervul!

Spesifieke eienskappe

God het byna 4,000 jaar gelede *spesifieke eienskappe*

aan Jakob openbaar wat sy 12 seuns se afstammeling sou identifiseer “**in die laaste dae**” (Genesis 49:1). Moses het sowat drie eeue later soortgelyke profesieë aangeteken (Deuteronomium 33).

Hoewel baie belydende Christene aanneem dat hierdie Ou-Testamentiese profesieë nie meer van toepassing is nie, is niks verder van die waarheid nie! Ons leef in 'n tyd waar ons kan terugkyk op gebeure en herken hoe hierdie antieke profesieë deur nasies wat *vandag bestaan*, vervul is!

Die skrif het voorspel dat Juda die Messias sou voortbring; mense met donker oë wat bekend is daarvoor dat hulle die Ou-Testamentiese wette van God aanhang en soos 'n opgejaagde leeu aan die nek van hulle vyande sal wees (Genesis 49:8-12) – 'n gepaste beskrywing van die Jode in die hedendaagse nasie Israel. Maar wat van die ander stamme?

Nie altyd verlore nie

Dit is belangrik om te besef dat die sogenaamde “verlore” stamme nie *altyd* verlore was nie. Jesus het aan Sy 12 dissipels gesê: “gaan liever na die verlore skape van die huis

van Israel” (Mattheus 10:6). Om aan hierdie opdrag te kon voldoen, moes die Israelitiese stamme se gebied waar hulle hul bevind het, *bekend* gewees het! Die boek Jakobus is opgedra “aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is” (Jakobus 1:1). Jakobus het aan 'n bekende gehoor geskryf. Josephus, 'n Jood, het in die eerste eeu n.C. geskryf: “Die tien stamme is steeds oorkant die Eufraatrivier en is 'n groot menigte” (*Antiquities of the Jews*, 11:5:2). Hulle was in Partië – die gebied suid van die Kaspiese See – waar die Israeliete eeue tevore in gevangenskap was.

In die vroeë 4de eeu n.C. het Eusebius geskryf dat die apostel Thomas na Partië en Andréas na Skitië gegaan het – gebiede naby die Swart- en Kaspiese See waar die Israeliete hulle bevind het (*History of the Church*, 3:1:1). Vroeë tradisies koppel ook die bediening van Bartholoméüs en Filippus aan hierdie selfde gebiede wat daarop dui dat die Apostels gewet het waar die Israelitiese stamme in hulle tyd gevestig was.

Om *vandag* profesieë te verstaan is dit van kardinale belang om te weet wat die

identiteit en ligging van die *hedendaagse* Israelitiese nasies is, aangesien stormagtige gebeure gaan plaasvind net voor Christus se Wederkoms wat *almal* in hierdie nasies gaan raak (sien Jeremia 30:7).

Die profeet Jesaja beskryf die verstrooide stamme se terugkeer na Jerusalem as volg: “Kyk, hulle hiër kom van ver, en kyk, hulle dáár kom van die **noorde** en van die **weste**, en hulle dáár kom uit die land van die Siniete” (Jesaja 49:12). Die verstrooide stamme moet noord en wes van Jerusalem wees, maar hoe kan ons onderskei tussen hulle? Dit is een rede waarom die nasionale eienskappe wat in Genesis 49 en Deuteronomium 33 voorkom, belangrik is.

Kinders van Josef

Hierdie profesieë openbaar dat die kinders van Josef – Manasse en Efraim – teen die einde van hierdie tydperk wat in ongeveer 1800 n.C. begin het, die prominentste Israelitiese volke sal wees – 2,520 jaar nadat hulle in gevangenskap geneem is. Dit is voorspel dat die nageslag van Manasse 'n groot nasie sal word en dat Efraim 'n menigte van nasies sal word (Genesis 35:11; 48:19). Saam sou hulle die uitgesoekte plekke op aarde beërwe, die poorte van hul vyande besit, regoor die wêreld kolonies stig en vrygewige mense wees wat bydra tot die welstand van die mensdom (Genesis 22:17-18; 49:22-26).

Hierdie belofte is vervul deur die Verenigde State, die Britte en die nasies van die Britse Gemenebes. Geen ander nasies kom *naby* daaraan om hierdie eindtyd beskrywings te pas nie. Die besonderhede van hierdie onderwerp is heeltemal te ingewikkeld om volledig in 'n kort artikel te dek. Vir meer inligting aangaande hierdie onderwerp, skryf gerus vir 'n **gratis** kopie van ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

Verloklike leidrade

Ander kort beskrywings wat in Genesis 49 gegee word openbaar verloklike leidrade omtrent die hedendaagse afstammeling van die “verlore” stamme.

Die stam van Ruben sou 'n dig bevolkte nasie word wat die mag en waardigheid van 'n eersgeborene vertoon, maar “soos stormwater ... onstuimig” sou wees met 'n neiging om seksuele hartstog te wil bevrediging (Genesis 49:3-4; Deuteronomium 33:6). Die hedendaagse Frankryk, die afstammeling van Gallië wat oorspronklik van Israel was, pas goed by hierdie beskrywing. Wanneer 'n Franse eerste-minister openlik 'n minnares aanhou, knip niemand 'n oog nie. Frankryk was vir eeue 'n koloniale moondheid en Frans was die taal van diplomatie. Frankryk se voorrang het egter gekwyn ten gunste van die VSA en die Britse Gemenebes.

Die stam van Dan was voorspel om “'n slang op die pad” te wees (Genesis 49:17); hul swerwende mense sou hulle merk laat op plekke soos Denemarke.

“Sebulon woon by die strand, by die strand waar skepe is” (vers 13) en “verheug jou, Sébulon, oor jou togte” (Deuteronomium 33:18-19). Dit stel 'n seevarende nasie voor wat aan die kus woon en handel dryf – soos die Nederlanders.

Gad “lê soos 'n leeu” en speel 'n leidende rol tussen die nasies soos een wat “die bepalinge van die Here nagekom [het]” (verse 20-21). Dit laat mens dink aan Switserland, wat sedert die 1500's neutraal staan, tot die tande gewapen is met die klem op verdediging en die tuiste van baie internasionale organisasies is.

Símeon en Levi moes onder die stamme verstrooi word weens hul gewelddadige geaardhede en eiewillige dade (Genesis 49:5-7). Die Leviëte moes egter leermeesters van God se insettinge en verordeninge aan die stamme wees (Deuteronomium 33:8-11) en was gekies om in die tempel te dien weens hul musikale talente (1 Kronieke 15:16-22).

Aser se “spys is vet, en hy lewer koninklike lekkernye” en dryf handel in yster, koper en olie (Genesis 49:20; Deuteronomium 33:24-25). Issaskar word beskryf as “'n sterk pakkier [wat] gaan lê tussen sy twee saalsakke” (Genesis 49:14-15).

Die Uitverkore Volk

Deur Douglas S. Winnail

Wie is hulle? Waarom is hulle uitverkore? Wat hou die toekoms vir hulle in?

Wat weet u *werklik* van die uitverkore volk? Hoe raak die begrip hiervan *u* lewe? Het sekere beskawings eenvoudig hierdie idee bedink en ontwerp om hulle selfrespek te bevorder of om hul grootse begeertes te regverdig? Is die Jode die enigste aanspraakmakers op hierdie titel? Kan u deel wees van 'n volk wat God uitverkies het?

Deur die jare is baie geskryf oor die uitverkore volk – maar baie het *vergete gebly!* Konings, koninginne, politici en presidente het eens diep in hierdie begrip geglo en het hul volke daarvolgens gelei. Nietemin besef weinig vandag hoe hierdie idee die beloop van die geskiedenis gestuur en die lewens van miljoene mense op die aardbol beïnvloed het – omdat hulle nooit ingelig is nie! Skole, kerke en regerings wat eens die bestaan van 'n “uitverkore volk” erken het ignoreer nou die idee geheel en al. Hedendaagse akademici en teoloë verwerp die onderwerp as wensdenkery van fanatici en veronderstel en beweer dat dit deeglik gediskrediteer is – *sonder om die onderwerp ooit te bestudeer!*

Sommige onlangse boeke maak daarop aanspraak dat die idee van 'n uitverkore volk nie alleen denkbeeldige fiksie is wat

gebaseer is op valse veronderstellings nie, maar dat dit 'n gevaarlike, verleidende en verdelende begrip is wat partydigheid bevorder, 'n valse gevoel van meerwaardigheid skep en 'n ernstige bedreiging vir wêreldvrede inhou! Hierdie veel beswadderde en misverstande onderwerp werp egter merkwaardige lig op die verhaal van die mensdom. Die begrip van 'n “uitverkore volk” verduidelik waarom sekere nasies floreer het en andere nie. Soos een joernalis geskryf het, “die Godsdienstige dimensie het in die verlede vrae beantwoord oor die nasionale identiteit en doel wat nog steeds nie bevredigend beantwoord word op enige ander manier nie” (*Chosen People*, Longley bl. 10). Hierdie begrip is 'n sleutel tot insig in Bybelprofesie wat onthul hoe belangrike gebeure wat binnekort voorlê die lewens van bykans almal wat nou op aarde leef sal tref. Ons kan nie bekostig om hierdie onderwerp te ignoreer nie!

'n Bybelse idee

Een rede waarom die idee van 'n “uitverkore volk” so misverstaan word is omdat dit direk uit die Bybel kom. Talle studies dui aan dat die meerderheid mense vandag – selfs in sogenaamde “Christen”

nasies – *min* weet van die eintlike inhoud van die Skrifte. Wanneer baie die uitdrukking “die uitverkore volk” hoor, dink hulle net aan die Jode, tog is dit 'n ernstige wanbegrip wat ignoreer wat die Bybel eintlik sê en verduister 'n baie groter beeld.

God se eerste “uitverkore volk” was die Israeliete. In die boek van Eksodus, sê God vir Moses: “Sê aan die *kinders van Israel*: Ek is die HERE, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei ... en Ek sal julle as *my volk* aanneem en vir julle 'n God wees” (Eksodus 6:6-7). God sê later aan die Israeliete: “As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou sal julle *my eiendom* uit al die volke wees ... En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n *heilige nasie* wees” (Eksodus 19:5-6). Pas voor hulle die Beloofde Land binnegaan, sê Moses vir die kinders van Israel: “Want jy is 'n volk heilig [eenkant geplaas] aan die HERE jou God; *jou* het die HERE jou God *uitverkies* om uit al die volke wat op die aarde is, sy *eiendomsvolk* te wees” en “jou het die HERE uitverkies om sy *eiendomsvolk* te wees ... en dat Hy jou dan die hoogste sal stel bo al die nasies” (Deuteronomium 7:6-7; 14:2; 26:18-19).

God het die *kinders van Israel* gekies as Sy uitverkore volk en gesê dat hy hulle sal ophef bo alle volke op aarde. Baie mense vergeet egter dat die nasie van Israel bestaan het uit *twalf* stamme. Die Jode kom van *net een* van daardie stamme – die stam van Juda. Toe God sy verbond met Israel gemaak het, was *al twalf stamme ingesluit* – nie net die Jode nie! Die Bybel openbaar ook dat die Israëliete *nie* gekies was omdat hulle meerderwaardig was nie – maar omdat hulle “die *geringste* van al die volke” was (Deuteronomium 7:7). Hulle is gekies om te leer om te leef volgens die wette van God om sodoende 'n *praktiese voorbeeld* aan die mense van die wêreld te stel van die *voordele* wat spruit uit gehoorsaamheid aan die wette van God (Deuteronomium 4:1-10). God sê dat hulle Sy “kneg ... 'n lig van die nasies” moes wees (Jesaja 49:3-6). Hulle was uitverkies om 'n *beter leefwyse* aan die wêreld te toon – dit was nie omdat hulle beter was nie!

Nuwe-Testamentiese uitverkore volk

Die gedagte van 'n “uitverkore volk” is ook 'n belangrike tema in die Nuwe Testament. Jesus het twaalf manne *uitverkies* om Apostels te wees (Lukas 6:12-16) en hy sê aan hulle “julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies” (Johannes 15:16). Jesus sê ook: “want baie is geroep, maar min uitverkies” (Mattheus 20:16), en dat Hy sal terugkeer om sy “uitverkorenes”

byeen te bring (Mattheus 24:22-31). Die apostel Paulus voeg 'n geestelike dimensie by toe hy verwys na die Nuwe-Testamentiese kerk as “die Israel van God” (Galasiërs 6:16). Paulus dui aan dat heidene ook *geestelike Jode* kan word – deel van *geestelike Israel* – deur bekering (Romeine 2:28-29; Galasiërs 3:29). Hierdie kosbare waarheid het egter daartoe gelei dat baie mense *verkeerdelik aanvaar* dat die gedagte van 'n “uitverkore volk” *slegs* 'n geestelike konsep is en dat dit nie meer toepaslik is dat God die Israëliete as Sy uitverkore volk uitverkies het nie. Tog *ignoreer* so 'n verkeerde opvatting die Bybelse en geskiedkundige bewyse agter 'n konsep wat die weg van die geskiedenis gebaan het en wat 'n dramatiese impak op die toekoms sal hê. Is dit moontlik om die Israëlitiese nasies vandag te *identifiseer*? Indien wel, *waarom* is dit belangrik?

Bybelse bewyse

Die Bybel dui aan dat Jesus, die Messias, sal voortspruit uit die stam van Juda (Genesis 49:10; Hebreërs 7:14). Die Bybel sê egter duidelik dat die *Israëliete* deurslaggewende fisiese beloftes sal erf wat aan Abraham en sy nageslagte gemaak is (Romeine 9:1-5; Galasiërs 3:29). Wat was hierdie beloftes? Hulle sou 'n groot en vrygewige nasie word wat bystand verleen en seën wêreldwyd versprei (Genesis 12:1-3). Hulle sou vermenigvuldig en baie nasies

en die stamvader word van konings (Genesis 15:4; 17:5-7). Hulle sou die poorte van hul vyande in besit neem (Genesis 22:17-18; 24:60) – byvoorbeeld Gibraltar, Suez en Singapoer. Hulle aansien sou dié van ander nasies oorskry (Genesis 27:28-29) en hulle sal oor die aardbol versprei as 'n groot koloniserende volk (Genesis 26:3-4; 28:13-14).

Antieke Israel het bestaan uit tien stamme wie se afstammeling vandag hoofsaaklik aangetref word tussen die nasies van noordwes Europa en tussen die volke van Engelse afkoms, insluitende dié van die Verenigde State, Kanada, Australië asook Suid-Afrika. Genesis 49 bevat 'n merkwaardige reeks profesieë om t r e n t b e s o n d e r e karaktereienskappe van die Israëlitiese stamme wat gesien sou word in “die laaste dae”. Hierdie profesieë verwys na nasies in noordwes Europa. Vir verdere inligting oor hierdie “verlore” tien stamme, lees gerus ons artikel “Profesie word vervul – waar is die “verlore” stamme van Israel?” in hierdie einsteuitgawe.

Die Skrif verduidelik egter dat die fisiese seëninge van die geboorteregbeloftes op die afstammeling van Josef se twee seuns, Efraim en Manasse sou konsentreer. Manasse sou 'n groot volk word en Efraim sou 'n menigte [of gemenebes] van nasies word (Genesis 35:10-12; 48:19). Hierdie uiters spesifieke beloftes het hul vervulling gevind in die Verenigde State van

Amerika en die nasies van die volke van Engelse afkoms (Brittanje, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika). Amerika het die magtigste nasie geword wat die wêreld ooit gesien het en die Engelse het 'n ryk en 'n gemenebes wat die aardbol omgord het, bymekaar gebring. Geen ander nasies op aarde het hierdie antieke beloftes vervul en dit op die *presiese tyd*stip gedoen soos in die Skrif voorspel is nie – 2,520 jaar nadat Israel in Babiloniese ballingskap weggevoer is. Vir meer besonderhede oor hierdie onderwerp, versoek gerus u *gratis* kopie van die leersame boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

Toe die Bybel in Engels vertaal is, het talle Engelse hul ware identiteit as Israeliete begin insien. Dit was egter nie 'n nuwe ontdekking of 'n eienaardige uitvindsel deur Protestante, soos sommige kritici beweer nie. Gildes, 'n Brit wat in die 6de eeu skryf – 'n duisend jaar voor die Hervorming – beskryf Brittanje as God se “laaste-dag Israeliete” (*The Ruin of Britain*, Winterbottom, bl. 28). Die Bybelse verband – dat Amerika en die volke van Engelse afkoms die afstammeling van die broers Efram en Manasse is – voorsien 'n ware grondslag vir die “spesiale band” wat bestaan tussen die Anglo-Amerikaanse volke.

Geskiedkundige bewyse

Van die duidelikste en insiggewendste gegewens wat

die volke van noordwes Europa met hul Israelitiese wortels verbind is *plekname* en antieke legendes met betrekking tot nasionale afkoms. Die Bybel teken aan dat die kinders van Israel in om en by 720 v.C. weggevoer is as gevangenes na die hedendaagse Noord Irak tussen die Swart en Kaspiese Seë. Geskiedkundige skrywers beskryf golwe van verhuising na Europa van die ooste af in latere eeue, wat die Israelitiese stamme sou insluit. Die Bybelse beskrywing van die stam van Dan as “'n slang ... op die weg” (Genesis 49:17) verwys na sy gewoonte om sy naam op besette plekke na te laat (Josua 19:47). Plekname soos Dardenelle, Danube, Driester, Danig en Denemarke verskaf bewyse van Dan se swerwinge oor Europa. Terwyl sommige kritici voorstel dat hierdie somer maar net woordspeling is, ignoreer sulke kritiek die geskiedkundige belangrikheid van antieke plekname. Die Danube en Driester Riviervalleie was vernam trekroetes vanaf die Swart See na sentraal Europa. Danig (Gdansk) was 'n hoofhawe op die Baltiese See by die monding van die Vistula Rivier en Denemarke was 'n afspringplek vir volke op pad na die Britse Eilande. Hierdie spoor is nie moeilik om te volg nie.

Nog 'n skakel tussen die Israeliete en die Britse Eilande betrek van die vroegste volke wat hulself in Ierland gevestig het – die *Tuatha de Danaan*. Hedendaagse geskiedskrywers beskryf hierdie setlaars as

mitologiese volke van die godin Danu en verdoesel die vanselfsprekende Bybelse verband met die *stam van Dan*. Hedendaagse geleerdes verwerp die antieke legendes dat hierdie Danitiese volk in nagenoeg Moses se tyd, via Griekeland en Spanje, uit Egipte gekom het (sien *The Story of the Irish Race*, MacManus, hoofstuk 3), as ongegronde fabels. Tog haal Josefus, 'n Joodse geskiedkundige in Romeinse tye aan uit briewe tussen die Griekse Spartane en Jode in Jerusalem waarin erken word dat hulle verwant is (*Antiquity of the Jews*, XIII:V:8). Die antieke legendes lui ook dat Danitiese skepe 'n Joodse prinses en 'n klip na Ierland gebring het, waarvoor Ierse konings gekroon was – 'n gebruik wat ook deur antieke Israeliete beoefen was (2 Konings 11:12-14). Die legendes sê dat hierdie klip uiteindelik na Scone in Skotland gebring was, waar Skotse konings oor die klip gekroon was vir honderde jare. In die 1300's het Edward 1 die klip na Londen vervoer, waar ook Britse koninklikes daarvoor gekroon was – 'n voortsetting van hierdie antieke Israelitiese gebruik vir eeue voordat die klip in 1996 teruggestuur is Skotland toe.

Bykomende bewys rakende die nasionale oorsprong van volke in die Britse Eilande dui op dieselfde tendens. In die Skotse Deklarasie van Onafhanklikheid wat in 1320 n.C. te Arbroath uitgereik is, beskryf die Skotte hul herkoms: “Ons weet en in die

kronieke en boeke van die antieke vind ons ... die Skotte ... het gereis van Groter Skithië verby die Middellandse See en die Pilare van Herkules en het vir 'n lang tyd in Spanje vertoef ... Daarvandaan het hulle gekom; 1,200 jaar na die volk van Israel die Rooi See oorgesteek het, tot by hul tuiste in die weste waar hulle vandag woon". Hierdie was geen niksbeduidende dokument nie. Dit was ontwerp deur geleerde leiers van Skotland en is aan die Pous in Rome afgelewer as deel van 'n beroep om die pogings van Edward 1 om Skotland te onderwerp, teen te werk. Terwyl Edward in Engeland en op die Kontinent prokureurs in diens geneem het om sy reg te ondersteun om beslag op Skotland te lê, het die Pous uiteindelik ten gunste van die Skotte besluit. Hierdie gedeelte van die Deklarasie van Arbroath word deesdae byna nooit aangehaal nie omdat geskiedskrywers verkies om dit as 'n fabel te beskou wat deur die Skotte opgemaak is (sien *A History of Britain*, Sharma, bl. 218). Die Britse geskiedskrywer, Bede, wat egter 500 jaar vroeër geskryf het, meld ook dat die vroeëre volke van Skotland van Skithië afkomstig is (*The Ecclesiastical History of the English Nation*, bl. 5). Skithië was die gebied tussen die Swart en Kaspiese Seë, waarheen die kinders van Israel in gevangenskap gegaan het.

Talle bronne dui ook aan dat die Britse en Engelse nasies wat hulle in Engeland gevestig het, oorspronklik van Skithië

afkomstig was. Die *Anglo-Saxon Chronicles*, wat dateer uit die tyd van Alfred die Grote (880 n.C.), vermeld dat die Britte afkomstig was van antieke Armenia (die gebied tussen die Swart en Kaspiese Seë – waarna verwys word as Skithië). Teen ongeveer 800 n.C., het die Walliese geskiedskrywer Nennius aangeteken dat die Engelse van Skithië afkomstig is. Die Griekse skrywer Herodotos noem die Skithiërs “die Sacae” (*The Histories*, 4:76) wat afgelei is van die Hebreeuse naam Isak (die seun van Abraham) – 'n benoeming wat die Bybel sê op God se volk betrekking het (Genesis 48:16). Die Behistan Klip wat in drie tale gegraveer is in die tyd van Darius, koning van Persië (tydgenoot van die profeet Daniël), verwys na die Skithiërs as Cimmerië (of Gimiri). Die Seltiese Walliese bewaar vandag nog hierdie naam en verwys na hulself as die Cymry of Cymru. Die skakel tussen antieke Israeliete – God se uitverkore volk – en die bewoners van die Britse Eilande, is beslis nie verregaande of fiksie nie. Die familiebetrekkings is beslis daar!

Kritieke foute

Inaggenome die Bybel se klem op God se uitverkore volk, die duidelike beskrywing van hulle rol – en die melding van bepaalde eienskappe wat die 12 stamme in die laaste dae sal hê – *waarom* is dit dat hierdie onderwerp deur die meeste teoloë en geskiedskrywers verwerp word? Die hoofrede is

omdat dit direk uit die Bybel kom en die Bybel word nie meer as 'n bron van waarheid beskou nie! Rasionalisme, evolusionêre wetenskap en sekulêre wêreldmenings het twyfel laat ontstaan oor die bestaan van God en die geloofwaardigheid van die Bybel. Liberale intellektuele wat die gebiede van onderwys, literatuur, godsdiens en die media oorheers neem nie Bybel onderwerpe ernstig op nie. Teoloë neem nie meer die Bybel letterlik op nie. Ongelowige akademici en skeptici in die media is dikwels vyandig gesind teenoor godsdienstige onderwerpe. Indien die Bybel nie letterlik opgeneem hoef te word nie is dit onnodig om jou te kwel oor wie God as Sy volk mag gekies het. Indien daar geen God is nie, is daar vanselfsprekend geen volk wat Hy verkies het nie!

Geskiedskrywer Edwin Jones ('n Walliese Katoliek) tel onder dié wat die idee dat die Engelse 'n gekose volk is betwis. Hy beskou die idee dat Amerika en die Engelssprekende volke die hedendaagse Israeliete is as 'n bekrompe Anglo-Sentriese Protestantse wêreldmening, wat op vals en misleidende veronderstellings gebaseer is. Hy beweer dat hierdie idee 'n “groot mite” is wat die Engelse gevange hou en isoleer van hul Europese bure, omdat 'n sin van meerderwaardigheid, 'n *valse identiteit* en vreemdelingevores onder die Engelse gekweek is. Volgens Jones se siening, “word baie Amerikaners geteister deur die ou “Engelse kwaal” – omdat

hulle aan hulself dink as “uitverkorenes”; anders en ‘n meerwaardige volk” (*The English Nation: The Great Myth*, bl. 362). Deurdat hy die rol van God in die geskiedenis ignoreer, skryf Jones die opgang van Engeland en Amerika na groot magstatus alleenlik toe aan die invloed van geskiedenis en geografie. Hy dui aan dat die idee van ‘n *uitverkore volk* “nou dood” is onder geleerdes (bl. 292) en bestempel word as “dwepery” deur ekumeniese teoloë. Hy blyk verbonde te wees om die idee dat hulle die erfgename van God se beloftes is, uit die Engelse se gedagtes te wil wis. Professor Jones gaan dan voort om ‘n “nuwe” mite aan te bied – dat Engeland se eintlike toekoms by die Europese Unie lê – in teenstelling met wat Bybelprofesie openbaar!

Joernalis Clifford Longley erken die anti-Bybelse en anti-bonatuurlike partydigheid van hedendaagse geleerdes wat neig om die onderwerp van hedendaagse Israel te verban tot die terrein van ekstremiste en fanatici – tog val hy in dieselfde lokval. Nadat hy sy eie twyfel in God en die Bybel uitgespreek het, kom hy tot die gevolgtrekking, betreffende die idee van God se “uitverkore volk” dat “hoewel dit nog invloedryk is, *is dit eenvoudig nie waar nie – en was ook nooit*” (Longley, bl. 281). Longley *vermoed* dat daar geen uitverkore volk is nie omdat hy *aanneem* – teenstrydig met wat die Skrif openbaar – dat

‘n God is) nie op hierdie wyse optree nie” (*ibid.* 0 bl. 277). Hy redeneer dat die idee van ‘n “uitverkore volk” sekere volke (Britte, Amerikaners, Nederlanders, ens.) toegelaat het om te glo dat hulle die reg het om hul eie belange na te streef ten koste van ander en dat “indien die Uitverkore Volk teorie waar was, daar op God gereken kon word om die volke te straf wat hulle bevoorregte status misbruik het ... in die werklike wêreld *word daar [egter] geen sodanige Goddelike teregwydings toegepas nie*” (bl. 281). Dit is ‘n gevaarlike aanname!

'n Verrassende toekoms

Ten spyte van die weifeling en teorieë van hedendaagse geleerdes, is daar ‘n *ware God* wat bekend gemaak het wat voorlê vir Sy volk en vir die volke van die wêreld (vir meer oor hierdie onderwerp, versoek asseblief ons gratis boekie, *Die ware God: bewyse en beloftes*). God het lank gelede gewaarsku dat *Israelitiese eienskappe* – om selfstandig denkend, hardnekkig en opstandig te wees, om ‘n neiging te hê om hul verbond met God te vergeet en korrupte heidense gebruike na te jaag (Deuteronomium 9:6-13), hedendaagse Israel in groot moeilikhede sou inlei “aan die einde van die dae” (Deuteronomium 4:30; 31:27-29). Misleide leiers sal invloedryk wees in die misleiding van Israelitiese volke. Eségiël beskryf ‘n “sameswering” tussen

leiers wat die wette van God skend [onheilig] en “hul oë sluit” vir Bybelse waarhede, wat visioene van die toekoms bedink en leuens uitdeel om mag en invloed te bekom of te behou – en dat hierdie valse idees geglo sal word (Esegiël 22:25-29; asook Jeremia 5:31). Die woorde van misleide leiers tesame met die Israelitiese neiging om “hul eie ding te doen” (Rigters 21:25; Jeremia 7:24; 11:8) en om hul besluite te rasionaliseer (Jeremia 23:17) sal lei tot wydverspreide ongeloof, ongehoorsaamheid en uiteindelik ‘n staat van *nasionale blindheid* ten opsigte van die plan van God en hul seëninge as Sy volk (Jesaja 1:2-3; 29:9-14; Jeremia 5:20-21; Romeine 11:8-10, 20-32) – die presiese toestand wat ons vandagsien!

Jeremia verduidelik dat omdat die hedendaagse Israeliete God se wette verwerp, verswelg is in seksuele bevrediging en die begrip van Goddelike teregwyding bespot, God vreemde volke sal gebruik om hulle te tugtig (Jeremia 5). Daar word verwys na hierdie tydperk van verdrukking as “‘n tyd van benoudheid vir Jakob [Israel] (Jeremia 30:7). God se tugmiddel sal bestaan uit tien nasies in die hartjie van Europa wat deur Duitsland gelei sal word (Jesaja 10:5-11; Openbaring 17:12) – wat op hulle beurt getugtig sal word vir hul hoogmoed (Jesaja 10:12). Die skielike en ramspoedige heengaan van hedendaagse

Kry balans rakende gesondheid

Deur Roderick C. Meredith

Gedurende ons onlangse Ouderlingsraadvergaderings het ons, onder andere, ons benadering tot goddelike genesing bespreek waar ek die menings van die Raadslede oor hierdie onderwerp wou bekom. Ons het almal saamgestem dat twee uiterste benaderings dikwels die afgelope jare die denkwys van leraars sowel as lidmate oorheers het. In vorige dekades het baie mense gevoel dat jy “swak in geloof” was – moontlik selfs *sondig* – indien jy enige fisiese optrede geneem het bo en behalwe om “God ten volle te vertrou”.

Aan die ander kant het 'n toenemende aantal leraars en lidmate oor die jare opgelet dat God dikwels **nie** onmiddellik bonatuurlik “genees” het nie – dat sommige mense selfs ontydig te sterwe kom wanneer behoorlike mediese sorg hul lewens kon verleng. Daarom het baie van hierdie mense die Bybelse opdrag in Jakobus 5:14-15 begin versaa: “Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word”.

Soos ons by die Ouderlingsraadvergaderings bevestig het, onderrig die Lewende Kerk van God dat *beide* die uiterstes **verkeerd** is! Om tot God te bid, om *geloof* in God te hê en om terselfdertyd “ons deel” te doen en fisiese sorg te ontvang, is **nie** onderling uitgesluit nie. Selfs mnr. Herbert W. Armstrong het gedurende die laaste paar jaar van sy lewe *volle mediese sorg* ontvang – wat behoorlik aangeteken is. Hy is egter ook gesalf en hy het gebied dat God – *na die volle omvang van Sy wil* – hom sou genees en sy lewe verleng.

Wanneer ons na mnr. Armstrong se voorbeeld kyk en die hele Bybel *aandagtig bestudeer* oor die onderwerp van genesing, sien ons dat 'n “gebalanseerde” benadering tot hierdie onderwerp beide korrek en in werklikheid meer “Christelik” is as sommige van die uiterstes van die verlede. Nee, ons wil **nie** ons begrip dat **God** die *enigste* Een is wat werklik kan “genees”, verwater nie. Slegs *God* kan die straf vir die oortreding van fisiese wette, wat bygedra het tot ons siektes en beserings, bonatuurlik verwyder. *Ons moet dit nooit vergeet nie!* Dokters, medisyne en operasies mag sommige van die “simptome” of enige siektes wat ons mag

ervaar, verwyder of verminder, maar hierdie metodes veroorsaak bykans altyd “newe-effekte” wat soms meer skadelik is as die oorspronklike probleem.

Daarbenewens sal reuse **siekte-epidemies** binne 'n paar jaar deur die Westerse wêreld trek en dikwels verskriklike “nuwe” siektes meebring wat nie op die hedendaagse medikasie sal reageer nie (Mattheus 24:7)! Waar sal u *dan* vir genesing soek?

Wanneer dit alles plaasvind, sal dit *noodsaaklik* wees vir God se ware Kerk om **absoluut** op **Hom** staat te maak vir goddelike genesing en verlossing! Selfs wanneer mediese sorg wel beskikbaar is, toon God se Woord egter dat ons *altyd* die grote God, ons Vader en Geneser, moet betrek. In *alle* dinge moet ons die apostel Paulus se opdrag in Kolossense 3:17 van harte volg: “En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen **alles** in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom”.

God vertel ons om die ouderlinge te roep en na Hom te kyk wanneer ons siek is. Tog beskryf God se geïnspireerde Woord Lukas as die “geliefde geneesheer” (Kolossense 4:14). Die Seun van God sê ook duidelik: “Die wat gesond is, het

die **geneesheer** nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdige te roep nie, maar sondaars tot bekering" (Markus 2:17). Daarby beskryf Jesus dat die Barmhartige Samaritaan "sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi het" om met die genesing van die wond wat deur 'n reisiger opgedoen is, te help (Lukas 10:34). Die wyn bevat alkohol en ander elemente om kieme te dood en besmetting van 'n oop wond te help voorkom. Die olie was 'n natuurlike smeermiddel om genesing aan te help. Was Jesus *verkeerd* om die positiewe maniere te beskryf waarop hierdie medisinale eienskappe gebruik kon word?

Wat van Timotheus? Paulus skryf dat die "ongeweinsde geloof" van sy moeder en oma in Timotheus was (2 Timotheus 1:5). Paulus beskryf Timotheus ook as iemand met 'n "bewese karakter" in diens van Jesus Christus (Filippense 2:22). Tog laat God toe dat Timotheus 'n maagaandoening en "herhaalde ongesteldhede" ondervind (1 Timotheus 5:23). Hoewel die apostel Paulus tog sekerlik hierdie uitstaande jong evangelis, wat hy as "'n seun in die geloof" beskou het, sou salf en vir hom gebid het, skryf hy ook vir Timotheus voor om "'n *bietjie wyn*" vir sy siekte te gebruik. Rooi tafelwyn bevat 'n natuurlike antibiotika soortgelyk aan penisillien. Dit sou help om die bakterieë teë te werk wat Timotheus dikwels ingekry het deur die plaaslike water in

daardie warm, Mediterreense klimaat te drink.

Wyn was dus gebruik as 'n soort "medisyne". Was Paulus verkeerd om hierdie raad aan Timotheus te gee? *Beslis nie!* God se diensknegte is *dikwels aangeraai* om sekere genesende elemente te gebruik wanneer hulle met siekte of beserings te doen gehad het (Eksodus 21:19; Jesaja 38:21). God het hierdie opdrag ook vir *ons onderwysing* in die Bybel bewaar: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Timotheus 3:16-17).

Wanneer ons terugkyk, sien ons dat idees wat in afgelope dekades deur die Kerk en die bediening omgegaan het, nie altyd heeltemal konsekwent met die Skrif was nie. Daar is 'n behoefte aan beter balans en wysheid oor die onderwerp van genesing, medisyne en gesondheid. Absolute geloof en vertroue in God – in *elke aspek* van die lewe – is 'n *besonder groot* behoefte (Mattheus 9:29). *Waar* ons ons vertroue plaas is ook belangrik (2 Kronieke 16:12). Om *raad* te vra van 'n dokter wat kennis van die liggaam en siekte het, is **nie** dieselfde as om blinde vertroue in 'n mediese praktisyn te plaas nie. Die Bybel sê tog self dat daar "redding [in] veelheid" van raadgewers is (Spreuke 11:14; 15:22).

Die Bybel self bied ook verskeie perspektiewe oor genesing. Genesing is God se prerogatief. Dit word beskryf as een van die *voordele* wat God aan die mens beskikbaar stel (Psalm 103:1-5). Dit word ook beskryf as 'n *gawe* van God (1 Korintiërs 12:7-11). Genesing is die vergifnis van sonde (Markus 2:1-12). Die mens se medisyne en operasies genees *nie*. Op hul beste kan dit bloot simptome behandel – soms met sukses, soms nie. Onthou, goddelike genesing is **nie** dieselfde as om met fisiese middele die liggaam te herstel nie. Dit is egter *beslis nie verkeerd* om ons deel te doen en op elke moontlike manier te probeer om God in ons liggame te "verheerlik" nie (1 Korintiërs 6:20).

In die breër sin is God nie net besorg oor die genesing van ons fisiese liggame nie; Hy wil ook hê dat ons *elke les* moet leer wat ons in hierdie fisiese lewe moet leer, om ons voor te berei op ewige lewe in Sy Koninkryk. Indien ons fisiese probleme verwyder of "genees" word elke keer wat ons 'n fout maak, kan dit wees dat ons nie sommige van die noodsaaklike lewenslesse leer wat ons nodig het oor hoe om ons liggame met wysheid te hanteer en in harmonie met die fisiese wette te leef nie. Wanneer ons siek is, word ons nie net beveel om gesalf te word en na God te kyk nie, maar ook om *ons lewens* en gedrag *te ondersoek* om te sien wat ons verkeerd gedoen het – en ook om ons te *bekeer* van daardie verkeerde gedrag (Jakobus

5:16). Genesing is nie bloot 'n meganisme om ons outomaties uit die moeilikheid te kry wat ons moontlik oor onself gebring het nie. Dit is belangrik dat ons *lewenslesse* probeer *leer* – insluitend die lesse vir die onderhouding van goeie gesondheid – sodat ons ander mense in die wêreld van môre kan onderrig.

Hoewel gebed en geloof in God 'n absolute noodsaaklike plek in die herstel van gesondheid het, word ons ook vertel: “en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar *en doen wat welgevallig is voor Hom*” (1 Johannes 3:22). Daardie dinge wat “welgevallig is voor Hom” behels *veel meer* as om oor die algemeen goeie lewens te lei en om onrein kosse te vermy. “Daardie” dinge behels dat ons ons Godgegewe verstande gebruik om opreg te probeer om God in ons fisiese lewens te verstaan en Hom te verheerlik soos Hy ons aansê.

Vir jare het mnr. Armstrong ons geleer om te probeer om 'n *volkome leefwyse te lei*. Hierdie leefwyse was gefokus op die feit dat God en Sy skepping in wese “goed” is – dat ons moet leer om *binne die natuurlike wette* van Sy skepping *te werk*. So het ons geleer dat borsvoeding oor die algemeen *baie beter* vir kinders is as die kunsmatige metode van bottelvoeding. Talle artikels is in onlangse jare deur dokters en hospitale gepubliseer wat hierdie feit *dokumenteer*. Ons het geleer dat “natuurlike kindergeboorte” in die meeste

gevalle *veel beter* vir beide die moeder en kind is. Weereens erken baie mediese dokters en ander gesondheidsowerhede *nou* hierdie feit. Ons is geleer dat om vars vrugte en groente en “natuurlike” kosse te eet, *veel beter* is as om ons voeding uit kunsmatig vervaardigde “kosse” wat in blikkies en boksies verpak is, te kry. Mnr. Armstrong het ons vertel dat ons natuurlike kosse moet eet wat kan sleg word, *voordat* dit sleg word.

Jare gelede het ek 'n boekie geskryf (wat sommige van ons ouer lidmate sal onthou) met die titel *Die sewe wette van sprankelende gesondheid*. Daarin het ek die basiese gesondheidswette, *wat steeds van toepassing is*, uiteengesit – iets waarvoor gesondheidsowerhede nou veel meer oor skryf as toe. Hierdie wette is:

1. Volg 'n behoorlike dieet.
2. Leer om gereeld en wanneer moontlik, flink, te oefen.
3. Kry genoeg slaap en rus.
4. Sien toe dat u genoeg sonskyn en vars lug kry.
5. Beoefen persoonlike higiëne en dra behoorlike klere.
6. Vermy liggaamlike besering.
7. Handhaaf 'n positiewe gesindheid.

In daardie ou boekie bespreek ek elkeen van hierdie punte breedvoerig. Dit is duidelik *baie belangrik* in die handhawing van behoorlike gesondheid. Byvoorbeeld, soos ek in daardie boekie aangedui het, kan jy *al* die ander wette onderhou en tog roekeloos voor

'n bus inloop en *te sterwe kom!* Dus – veral u ouer lidmate – wees *baie versigtig* wanneer u stap, reis of trappe klim. Om versigtig te wees wanneer u betrokke raak in 'n potensieel gevaarlike aktiwiteit, is *noodsaaklik* vir die handhawing van goeie gesondheid.

Verder, soos die ou gesegde lui: “die probleem is nie wat jy eet nie, dit *wat jou eet!*” Met ander woorde, u kan dalk genoeg oefening kry en 'n goeie dieet volg, maar indien u toelaat dat *negatiewe gedagtes* van jaloesie, veragting, bitterheid of haat u verstand oorheers, kan u sit met maagsere, hoë bloeddruk en selfs ontydige dood. Daarom, beste vriende, *oordink* dus asseblief *hierdie wette*. Indien ons waarlik die “lesse wil leer” wat God wil hê ons moet leer, sal Hy dit eer en Hy sal ons baie meer eer wanneer ons na Hom kom vir genesing, **mits** ons opreg *ons deel* probeer doen het!

Onthou ook die *negatiewe* uitwerking van “na die dokter hardloop” met elke verkoue of griep of enige ander probleem wat opduik. God wil hê dat ons die “feite moet kry” en *wysheid aan die dag lê* om behoorlike mediese sorg te bekom. 'n Onlangse uitgawe van die nuusbrief *Public Citizen* het 'n artikel gepubliseer deur 'n mediese dokter, Sidney Wolfe. 'n Paar punte wat hy uitgelig het, kan help om ons die regte perspektief te gee:

“70% van dokters wat Medicare pasiënte

behandel, het 'n eksamen gedruip wat hul kennis van voorskrifte aan ouer volwassenes getoets het.

Die meerderheid van geneeshere wat gevra is om dié eksamen af te lê, het geweier en baie het aangevoer dat dit is omdat hulle 'n gebrek aan belangstelling' in die onderwerp het.

Tussen 40 en 50% van middels wat buite die hospitaal aan ouer volwassenes voorgeskryf word, word oormatig gebruik.

48% van pasiënte wat drie of meer middels neem, is middels gegee wat een of meer skadelike wisselwerking met ander middels toon.

Die feit is dat daar elke dag gans te veel slagoffers is van siektes wat deur die gebruik van medikasie meegebring word.

Elke minuut word twee mense gehospitaliseer vir negatiewe reaksies op medikasie (1,500,000 per jaar) en elke vyf minute en 15 sekondes is daar 'n sterfte (100,000 per jaar). Elke drie en 'n kwart minuut ly iemand aan geheueverlies wat deur medikasie veroorsaak of vererger word (163,000 per jaar). Dit is gelukkig omkeerbaar indien jy weet watter middel die oorsaak was".

Daarby berig die *Los Angeles Times* van 30 November 1999:

"Basiese foute' in die VSA se gesondheidstelsel veroorsaak mediese foute wat aanleiding gee tot soveel soos 98,000 sterftes per jaar, sê 'n regering se geborgde paneel Maandag. Lede vra ook vir daadwerklike veranderinge om pasiënte te beskerm Tussen 44,000 en 98,000 pasiënte sterf jaarliks as gevolg van mediese foute – meer as wat van motorongelukke, borskanker of VIGS sterf, aldus die verslag. Die jaarlikse koste van voorkombare beserings word op tussen \$17 biljoen en \$29 biljoen geraam".

Veel meer aanhalings en statistieke in hierdie verband kon hier ingesluit word, maar dit behoort u 'n aanduiding te gee. U moet *versigtig wees* – net soos baie dokters is wanneer dit kom by *hul eie* gesinne – en nie net toelaat dat somerenige dokter 'n "nuwe" of dramatiese behandeling vir u liggaam voorskryf nie!

Soos ons al vir baie jare onderrig, rus die onus *op u* om die besluit te neem *wanneer* en *hoeveel* mediese hulp om te versoek wanneer u siek of beseer is. Trouens, baie mediese praktisyns besef dat die mees doeltreffende gebruik van hul vaardighede die herstel van liggaamlike besering behels. Wanneer u deur 'n trok getref word, gebreekte bene of gekneusde organe het, kan mediese dokters u dikwels op dramatiese wyse help! Dit moet waardeer word en ons moet die eer gee waar dit toekom. Oor die algemeen moet u egter baie

versigtig wees watter tipe behandeling u ontvang. U moet ook wysheid aan die dag lê, selfs wanneer u "natuurlike" produkte soos kruie en vitamene gebruik in 'n poging om siektes of kwale te "genees". Sommige van hierdie produkte kan die liggaam help om homself te genees van liggaamlike swakhede. Tog is slegs **God** die uiteindelijke ware Geneesheer.

Daarom, soos elke jaar verbygaan, bid ek dat ons almal as 'n Kerk al hoe nader aan God sal kom, met ons verstand al hoe meer in lyn met die gedagtes wat in die Bybel uitgespreek word en leer om "met God te wandel" in *elke aspek* van ons lewens – nie net wat genesing betref nie. Ons moet aan God toon dat ons in elke opsig probeer om "daardie dinge te doen" wat Hom behaag. Wanneer ons dan ons bes gedoen en behoorlike raad ingewin het – en ons deel gedoen het – kan ons na God kyk om bo en behalwe wat mense kan doen, *in te gryp* om ons te verlos of te genees. Hy is ons Vader. Hy vertel ons: "Ek sal jou **nooit** begewe en jou nooit verlaat nie" (Hebreërs 13:5).

Namate ons die einde van hierdie tyd nader, *moet ons ons balans vind* betreffende gesondheid en genesing! Laat ons alles *in ons vermoë* doen om "God te verheerlik" in ons liggame en in die wyse waarop ons siekte en besering hanteer. Laat ons leer om *al die feite* te bekom en ware *wysheid* aan die dag te lê. Laat ons egter **nooit** die noodsaaklike benadering uit die oog verloor dat ons God van

ganser harte moet *vertrou* en bowenal na Hom moet kyk vir Sy hulp en ingryping nie.

Verder is dit ook baie belangrik dat ons mekaar **nie** oordeel in hoe ons reageer wanneer ons deur siekte of beserings getref word nie. Ons *ken nie* die presiese besonderhede van die ander persoon se liggaam, se “hart”, se benadering tot God of hoe hy dink nie. Daarom *kan ons niemand* in hierdie saak na regte oordeel nie. Jesus Christus beveel: “**Moenie oordeel nie**, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. En waarom

sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?” (Mattheus 7:1-3).

Onthou asseblief, vriende, dat enigeen van ons wat “sy broeder (of suster) [hard] oordeel” oor die gebruik van medikasie, operasies of enige ander manier van behandeling, groot gevaar loop om 'n selfs **groter** fout te maak. Ons “oordeel” – en die gesindhede van ydelheid en hovaardigheid wat dit kan uitlok – kan *veel erger* wees as wanneer 'n opregte persoon in God se Kerk uitreik vir hulp wanneer hy ernstig siek of sy lewe in gevaar is! Jesus Self sê: “Maar as julle geweet het wat dit beteken: *Ek wil barmhartigheid hê* en nie

offerande nie, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie” (Mattheus 12:7).

U kan meer oor hierdie onderwerp lees in my boekie getiteld, *Genees God V A N D A G ? W a n n e e r* medelidmate siek is, is ons hoofsaak om *vurig te bid* dat God hulle sal help om hul deel na behore te doen en dat Hy *bo en behalwe* wat mense kan doen, hulle in Sy tyd en op Sy manier, bonatuurlik sal *genees*. Hierdie benadering van *wysheid* en *genade* moet die grondslag vorm vir al ons gedagtes en optrede met betrekking tot gesondheid en goddelike genesing. §

Wat is deurslaggewend in u lewe? (Vervolg vanaf bladsy 26)

19:38-39). Op hierdie laagtepunt het hulle na vore getree en hulself as dissipels en vriende geïdentifiseer deur Sy liggaam op te eis om te begrawe. Nadat hulle vir sowat drie jaar geworstel het met hul vrees van wat ander mense sou sê, het hulle besef dat **wat God sou sê** baie belangriker was.

Herbert W. Armstrong moes bykans 80 jaar gelede daardie selfde toets trotseer toe hy aanvanklik bekeer is. Nadat hy uitgevind het dat sy vrou van plan was om die Bybelse sewende-dag Sabbat te onderhou, was hy bekommerd oor wat sy besigheidskennisse sou dink. Dit het fanaties geklink en hy was bekommerd oor

afkeur en verwerping deur mense vir wie hy 'n hoë agting gehad het. Hy het eindelijk by die punt gekom waar die goedkeuring van mense onbelangrik was in vergelyking met dié van God. Slegs wanneer ons by daardie punt kom kan ons onself onvoorwaardelik oorgee aan God. Die opinies en verwagtings van mense om ons kan nie deurslaggewend wees wanneer ons terselfdertyd die algehele diensknege van Jesus Christus wil wees nie!

Hanteer die lewe korrek

Die Bybel is vol verhale waarin mense hulle vrese en *frustrasies* verkeerd aangespreek het. Dit is betreklik

maklik om na behore te reageer wanneer dit tot ons voordeel strek. Satan het gedink dat Job God slegs gehoorsaam het as gevolg van al die beskerming en seëninge wat hy ontvang het (Job 1:9-11). Job se ganse wêreld is meteens omvergewerp deurdat hy sy gesin, sy rykdom, sy sosiale stand en selfs sy gesondheid kwytgeraak het. Selfs al het hy baie gefrustreerd geraak en moed verloor, het hy nooit bitter geraak teenoor God soos wat Satan voorspel het nie. In sy diepe leed verklaar Job steeds: “Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan” (Job 19:25). Job het uitgesien na die opstanding en na die tyd

Vervolg op bladsy 23

Bestudeer die Bybel!

Deur Douglas S. Winnail

Hoe om dit te doen en waarom dit belangrik is

Deur die jare, het die Kerk van God vier sleutels vir geestelike groei beklemtoon: gebed, Bybelstudie, meditasie en vas. Die Bybel onthul dat hierdie *hulpmiddels* deur mense gebruik was wat na aan God was en kragtig deur Hom gebruik is. 'n *Uitdaging* wat baie mense trotseer ten einde te leer hoe om te bid, te studeer, te mediteer en te vas, is *hoe* om hierdie sleutels vir geestelike groei in die *regte perspektief* te plaas.

Mense buite die Kerk van God beskou gebed, meditasie, vas en selfs Bybelstudie dikwels as *rituele* of *roetines* wat gedoen moet word. Mense het dalk vantevore sekere gebede geleer en dit oor en oor herhaal. Vir sommige mense beteken Bybelstudie om daagliks 'n paar verse te lees of 'n paar Skrifgedeeltes te herhaal as deel van 'n aanbiddingsdiens. Meditasie mag insluit om na 'n altaar te staar of om 'n woord of frase te herhaal om 'n soort beswyming teweeg te bring. Vir Rooms-Katolieke mag "vas" eenvoudig beteken om hulself op 'n spesifieke dag van vleis te weerhou. Vir baie Protestante is om te vas skaars meer as iets wat u op die nuus sien wanneer iemand op 'n hongerstaking gaan – 'n oorblyfsel van Bybelgeskiedenis; nie iets wat Christene werklik doen nie.

Party mense het goedsmoeds aanvaar dat gebed, studie, meditasie en vas van iemand 'n Christen maak. Christus het egter gemaak dat *ware* Christene die geboorte van God sal onderhou en liefde sal betoon aan mekaar (Johannes 15:9-17). Vir baie opregte gelowiges is gebed en Bybellees maniere om *geestelik te voel* of om 'n krisistyd te deurstaan. Wanneer dinge goed gaan, blyk hierdie aktiwiteite onnodig te wees. Soms lees mense bloot die Bybel ten einde 'n skuldgevoel te voorkom wanneer hulle dit nie lees nie of om geestelik voor te kom vir ander mense!

Individue wat in die Kerk kom uit 'n nie-godsdienstige agtergrond – soos die geval is met 'n toenemende getal van mense vandag – het dikwels *geen idee* hoe om te bid of selfs hoe om Bybelstudie te benader nie. Baie mense vandag besef nie hoe baie Oosterse godsdienste-idees hul opvattinge oor meditasie en vas beïnvloed het nie en hoe baie daardie idees *verskil* van Bybelse opdragte. In hierdie artikel gaan ons fokus op een van hierdie hulpmiddels vir geestelike groei. Ons gaan ondersoek waarom Bybelstudie so belangrik is en *hoe* om werklik die Bybel te bestudeer. Ons sal ook sien hoe

gebed, meditasie en vas betrekking het op Bybelstudie.

Die regte benadering

Dit is vandag mode, veral in sommige "geleerde" kringe, om nie die Bybel te sien as die geïnspireerde woord van 'n Almagtige God nie, maar eerder as 'n primitiewe poging deur antieke Hebreërs om 'n soort konsep van God te formuleer. Hierdie sienswyse van die Skrif het baie mense vandag ontmoedig om die Bybel te erken as 'n bron van belangrike, nuttige en selfs noodsaaklike inligting. Dit is ongelooflik hoe ons moderne, "gesofistikeerde" opvattinge verskil van die opvattinge van mense slegs 'n generasie gelede en met Bybelse persoonlikhede soos Dawid, na wie verwys is as "n man na God se hart" (Handelinge 13:22). Dawid, as koning, het gepraat van die Skrif as "n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad ... dit is my *bepeinsing* die hele dag" (Psalm 119:97, 105). Dawid het nie gemediteer deur woorde oor en oor te herhaal nie. Hy het die Woord van God bestudeer en bepeins hoe om dit in die alledaagse lewe toe te pas. Dawid het die geboorte van God beskou as *meer werd as goud* (Psalm 119:127) en hy het besef dat diegene wat volgens die

gebooi leef, *geseënd* sal wees (Psalm 119:1-2).

Jesus leer Christene dat die sagmoediges [dié wat ontvanklik is] die aarde sal beërwe en dat “hulle wat honger en dors na die geregtigheid [hulle wat leer en streef om te leef na elke woord van God – Psalm 119:172] sal versadig word” (Mattheus 5:6). Dawid het hierdie gesindheid duidelik uitgeleef. Hy skryf: “Ek het u woord in my hart gebêre ... *Leer my* u insettinge ... *Open my* oë, dat ek kan sien die *wonders* uit u wet ... Laat my die weg van u bevele *verstaan* ... Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid ... u wet is my verlustiging” (Psalm 119:11, 12, 18, 27, 160, 174). Dawid het 'n *gesindheid van gebed* teenoor Bybelstudie gehad – hy het God gevra om hom te help verstaan wat hy lees. Daniël het nie net die Skrifte bestudeer nie; hy het ook *gevas* om aan God sy opregte begeerte te toon om die omvang van God se plan vir Sy mense te begryp (Daniël 9:1-3; 10:12).

Die profeet Jesaja beskryf die gesindheid wat God in 'n mens begeer. Hy sê: “Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm [verootmoedig] is en verslae van gees [bekeerd, begeerte om beter te doen], en wat *bewe vir my woord*” (Jesaja 66:2). Die regte gesindheid om Bybelstudie mee te benader, is respek vir die Woord van God pleks van twyfel en sinisme en 'n begeerte om te leer eerder as om te kritiseer. Om hierdie gesindheid te ontwikkel, moet

ons vir onself *bewys* (1 Thessalonicense 5:21) dat die Bybel werklik die geïnspireerde Woord van God is en nie net antieke Hebreeuse literatuur nie. Met die regte benadering tot die Skrif, kan Bybelstudie uiters insiggewend, voordelig en opwindend word. Presies *waarom* moet ons egter die Bybel bestudeer?

Groei in wysheid

Een van die sleutels tot sukses in die lewe is om te leer hoe om *wyse* besluite te neem – en hoe om *swak* besluite en dom foute te voorkom. Ongelukkig ontwikkel baie mense nooit hierdie noodsaaklike kwaliteit nie en word ons makliker oud as wys. Die God van die Bybel, wat beskryf word as 'n liefdevolle Vader, verstaan hierdie menslike swakheid en het die Skrif gevul met dosyne praktiese beginsels. Die boek Spreuke is propvol inligting om enigeen wat die inhoud daarvan bestudeer, te help om wysheid, insig, oorleg en oordeel te ontwikkel (Spreuke 1:1-6). Salomo sê “die vrees van die HERE is die *beginnel* van die kennis ... en kennis van die Heilige is *verstand*” (Spreuke 1:7; 9:10). Die regte benadering tot elke belangrike onderwerp word in die woord van God aangetref, tog sal dwase hierdie benadering verag. Ons word nie gebore met wysheid nie, maar deur die Woord van God te bestudeer, ernstig tot God te bid vir leiding, deur te soek en te luister na wyse instruksies van ouer, meer ervare mense, kan ons *groei* in wysheid (sien

Spreuke 2). Hierdie Bybels-gegronde benadering sal lei tot 'n langer, voller en ryker lewe (Spreuke 3:1-2, 13-16).

Salomo onthul dat bekwame leiers met wysheid regeer (Spreuke 8:5). Dawid skryf dat die studie van God se gebooi hom wyser gemaak het as sy vyande en hom meer insig gegee het as sy leermeesters (Psalm 119:98). Die Bybel waarsku jongmense oor die gevare om in die “vinnige baan” te probeer leef (Spreuke 7), oor die dwaasheid en gebrek aan begrip wat lei tot ontug en owerspel (Spreuke 6:32) en oor die gevolge van trots, skinder, ongeduld, luiheid en selfs praatsug (Spreuke 11:2, 9, 12; 12:13, 24). Die Skrif benadruk herhaaldelik die waarde daarvan om wyse raad in te win, om gewillig te wees om te vergewe, om kinders te dissiplineer en om vriende sorgvuldig te kies (Spreuke 11:14; 12:16; 13:20, 24). Om 'n voortrefflike visie en doel vir u lewe te hê, word ook genoem (Spreuke 29:18). Trouens, dit is slegs in die Bybel waar die ware doel van die lewe gevind kan word. In ag genome dat die Skrif 'n *goudmyn* van wysheid bevat, is dit onnugterend dat so baie mense vandag “geprogrammeer is deur die samelewing” om Bybelstudie te ignoreer!

Ontwikkel die gesindheid van God

Ons staan verbaas oor die onkunde van “geleerde” mense wat die spot dryf met enigeen wat werklik probeer om te leef

volgens die gebooi van God, maar selfs bekeerde Christene wonder soms waarom dit so 'n stryd is om tyd in te ruim om daardie gebooi te bestudeer. Hoe dit ook al sy, die Skrif bevat die antwoord. Ons is almal onderworpe aan geestelike invloed van God en van Satan. Tensy ons onself bekeer het, God se Heilige Gees ontvang het en 'n daadwerklike poging aanwend om op God gefokus te bly, sal ons deur Satan beïnvloed word. Die apostel Paulus onthul dat “wat die vlees [fisiese, onbekeerde verstand] bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie” (Romeine 8:7). Onbekeerde mense sê nie noodwendig dat hulle God haat nie, maar hulle sal stry, verdraai en probeer redeneer rondom die baie duidelike bedoeling van die Skrif, omdat hulle eenvoudig nie die gesindheid van God het nie!

Dit is waarom Paulus aan die Filippense geskryf het: “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was” (Filippense 2:5). Christene met die gesindheid van God sal nederig en ontvanklik wees en sal opreg begeer om God se opdragte in die Bybel te volg. Hulle sal *tyd maak* om die Bybel te bestudeer en sal werklik streef om te leef “van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheus 4:4). Ons kan nie volgens die Bybel leef indien ons nie die inhoud daarvan bestudeer nie! Paulus het aan Timotheus gesê om die Skrif ywerig te bestudeer (2

Timotheus 2:15) en sê “die hele Skrif is deur God ingegeë” (2 Timotheus 3:16). Wanneer ons die Skrif lees, bestudeer en daarvoor mediteer en gewillig is om gelei te word deur die Heilige Gees, sal ons leer om soos God te dink (Jesaja 55:8-9) en sal ons begin om die gesindheid van God te ontwikkel (1 Korintiërs 2:10-16). Gereelde Bybelstudie is 'n belangrike hulpmiddel om hierdie soort geestelike groei te bevorder. Dit is egter nie al nie!

Maak gereed om te regeer

Bybelprofesieë dui aan dat vandag se Christene geroep is om uiteindelik saam met Jesus Christus op hierdie aarde te *regeer* (Openbaring 1:4-6; 5:10; 20:6). As toekomstige konings en priesters sal ons as *burgerlike- en godsdiensleiers* in die komende Koninkryk van God dien. Jesus sê vir Sy dissipels dat hul beloning die *regering* van stede en gebiede sal insluit (Mattheus 19:28; 25:14-30; Lukas 19:11-19). Jesaja onthul dat die heiliges van God *leermeesters* in die koninkryk sal wees (Jesaja 30:20-21) en dat die wet van God verkondig sal word vanuit Jerusalem (Jesaja 2:2-4) na die hele wêreld (Jesaja 11:9). Alvorens ons egter kan regeer volgens die wet van God en daardie wette aan ander mense leer, moet ons eers *studeer* – en tot insig kom en leer leef – volgens wat God weergee in Sy Woord. Dit is waarom die Skrif spesifieke voorskrifte rakende Bybelstudie voorsien.

Toe Moses die Israëliete uit Egipte gelei het na die Beloofde

land het hy hulle aangeraai om te leer, te onthou, gehoorsaam te wees en nie die gebooi van God te wysig nie (Deuteronomium 4:1-8). Ouers moes hul kinders leer van God en om Sy wette te gehoorsaam (Deuteronomium 4:9-10). Moses het ook beklemtoon dat toekomstige leiers van Israel *persoonlike afskrifte* moes maak van die wette van God en dit *daaglik bestudeer*, sodat hulle bevoeg sou wees om verstandig op 'n goddelike wyse te regeer (Deuteronomium 17:14-20). Dit is een rede waarom Dawid daaglik oor die wet gemediteer het (Psalm 119:97). Esra het dieselfde instruksies gevolg voor sy terugkeer na Jerusalem vanuit Babiloniese ballingskap, “want Esra het sy hart daarop gerig om die wet van die HERE [die Boeke van Moses] te ondersoek [bestudeer] en te betrag, en om Israel die insettinge en verordeninge te leer” (Esra 7:10). Esra word later uitgebeeld waar hy doeltreffend onderrig gee en die betekenis van die Skrif aan die mense van Israel verduidelik – in openbare vergaderings – as 'n gevolg van hierdie ywerige voorbereiding (Nehemia 8:1-8).

Die Nuwe Testament sit hierdie tema voort. As moeder vir Jesus het God 'n vrou gekies wat goed vertrou was met die Skrif (sien Lukas 1:46-56). Weens sorgvuldige ouerleiding was Jesus op 12-jarige ouderdom in staat om die Skrif met sulke bekwaamheid te bespreek dat Hy die godsdiensleiers in Jerusalem

verstom het (Lukas 2:41-52). Hy sê dat ons volgens elke woord van God moet leef (Mattheus 4:4). Hy het onderrig gegee in die sinagoges van Palestina (Mattheus 4:23) en 12 dissipels uitgestuur en toe 70 ander om te preek en te leer "om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Lukas 9:1-2; 10:1-2; Mattheus 28:10-20). Namate die kerk gegroei het, is diakens aangestel "vol van die Heilige Gees en wysheid" (Handelinge 6:3). Daardie wysheid het gekom deur studie en meditasie oor die woord van God. Paulus noem dat een van die kwaliteite

wat in kerkleiers nodig is, is dat hulle "bekwaam" moes wees om die Skrif op 'n interessante en betekenisvolle wyse "te onderrig" (1 Timotheus 3:2). Dit is waarom Paulus die belangrikheid van *ywerige Bybelstudie* beklemtoon, om 'n ferm grondslag te lê en belaglike argumente en ontoepaslike vraagstukke te vermy (2 Timotheus 2:14-19). Goeie opsieners moet hul onderwerpe ken en bevoeg wees om moeilike vraagstukke met wysheid en oortuiging te hanteer (Titus 1:7-11). Dit verg sorgvuldige studie en deeglike

voorbereiding.

Namate ons die einde van hierdie tydperk sien nader kom, moet ons "wakker skrik" en seker maak dat ons die "tyd uitkoop [die beste daarvan maak]" wat ons tot ons beskikking het (Efesiërs 5:14-15). Indien u gewillig is om tyd in te sit om die Bybel te bestudeer en te leer hoe om die Skrif te verduidelik en toe te pas, kan u dalk een van die arbeiders wees wat God sal kan gebruik om Sy belangrike eindtyd opdrag te volbring. §

Wat is deurslaggewend in u lewe? (Vervolg vanaf bladsy 19)

wanneer hy God uiteindelik sou sien (vers 26-27).

Die wete dat God 'n **werklikheid** is, is noodsaaklik ten einde die lewe reg te hanteer. Die apostel Paulus stel dit soos volg in Hebreërs 11:6: "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek". Die mans en vroue wie se lewens in Hebreërs 11 opgeteken is het die diepgaande werklikheid van hul Skepper besef. Daardie kennis het al die toetse en beproewings wat hulle moes trotseer in perspektief geplaas.

Waarom was Moses nie geïntimideer en met ontsag vervul deur die prag en praal van antieke Egipte nie? *Omdat God en Sy krag vir hom 'n baie groter realiteit was* (Hebreërs 11:27).

Moses het die besluit geneem om eerder beproewing te verduur saam met God se mense as om die tydelike genot van sonde te geniet (vers 25). Hy het die werklike waarde van hierdie belonings begryp. Die skatte van Egipte het geen houvas op hom gehad nie omdat hy die veel groter waarde van God se beloftes ingesien het. Deur geloof het Moses sy opsies in perspektief geplaas en het geen probleem gehad om te besluit wat werklik belangrik was nie.

Ander mense het weer 'n heel ander benadering gevolg. Toe Jerobeam nog 'n jong en belowende offisier van Koning Salomo was wat gejaagd heen en weer gehaas het vir regeringsake, het die profeet Ahia hom met die verbysterende nuus gekonfronteer dat hy

bestem was om die grootste deel van sy meester se koninkryk te erf (1 Konings 11:26-37). Ahia het God se belofte oorgedra dat, sou Jerobeam God getrou dien en Sy geboorte onderhou soos Koning Dawid gedoen het, sy koningshuis permanent ingestel sou word (vers 38). Met die verloop van die volgende paar jaar het al hierdie dinge waar geword en Jerobeam het hom as koning oor 'n groot nasie bevind. Dit was egter nie lank nie of Jerobeam het begin bekommerd raak oor die toekoms. Hy het begin vrees dat die mense met die jaarlikse togte na Jerusalem om God se Feeste te onderhou, helaas nostalgies sou begin raak oor "die goeie ou dae" en besluit om die land te herenig onder Dawid se vorstehuis (1 Konings 12:26-27).

Wat is deurslaggewend in u lewe?

Deur John H. Ogwyn

Almal van ons word kragtig beïnvloed deur die wêreld om ons. Dit is duidelik dat ons almal grootliks deur ons families, gemeenskappe en kultuur gevorm word. Daarbenewens is ons dag-tot-dag bestaan dikwels 'n reeks reaksies tot die mense en gebeure wat ons daaglik teëkom.

Die meeste van ons vind dit redelik maklik om met 'n beleefde wuif en "hallo" te reageer teenoor vriende wat ons hartlik groet. Ons kan gewoonlik glimlag vir dié wat vir ons glimlag. Wanneer ons deur 'n aangename en vreedsame omgewing omring word, kan die meeste van ons 'n vredeliewende en welwillende gesindheid handhaaf. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar. Wanneer iemand onbedagsaam is en ons onbeskof behandel, is dit bloot natuurlik om opgeruk te raak en in weerwraak te wil vergeld. Almal van ons het al gesien hoe maklik ander mense die beste of die slegste in ons te voorskyn kan bring. Dit gebeur tuis, by die werk en in Kerkgemeentes.

Het u al ooit gedink oor wat deurslaggewend was in Jesus Christus se lewe? Het Hy deur Sy lewe gegaan deur bloot net te reageer op Sy omgewingsfaktore? Het Hy met woede en afkeer uitgevaar

teenoor diegene wat Hom op die een of ander wyse probeer leed aandoen het? Indien nie, waarom nie?

Terwyl dit vir die mens natuurlik is om te reageer op die wêreld om ons, het Jesus Christus homself so ingestel dat Hy **altyd reageer het volgens wat "bo" is**. Hy het altyd daarna gestreef dat Sy Vader in die hemel Hom moes lei eerder as om toe te laat dat ander mense Sy gemoedstoestand en gedrag bepaal.

"Wel," mag u dink "Hy was Jesus Christus en Hy kon dit regkry, maar ek is net 'n mens!" Dit bring ons by 'n gedeelte van die betekenis van die Pinksterseisoen. Pinkster herinner ons aan die uitstorting van die Heilige Gees wat Jesus Christus aan Sy dissipels beloof het (Handelinge 2:1-4). Dit is deur die Heilige Gees dat Jesus Christus as 't ware *dieselfde in my en u lewe kan leef* wat Hy bykans 2,000 jaar gelede *geleef het* (verg. Galasiërs 2:20).

Of die deurslaggewende faktor dit wat "om" ons of dit wat van "bo" kom is, is 'n belangrike vraag wat elkeen van ons moet aanspreek. Indien ons bloot deur die lewe gaan deur te reageer op die wêreld om ons, is ons besig om volgens die vlees te wandel en sal ons uiteindelik vergaan (Romeine 8:13). Indien

ons egter daarna streef om deur die lewe te gaan deur voortdurend te reageer op dit wat "bo" is – ongeag van die mense en omstandighede om ons – word ons deur die Gees van God gelei en is ons onderweg na die ewige lewe (vers 14). Om te reageer op dit wat "om" ons is, is baie maklik – dit is tog op stuk van sake *natuurlik!* Om dag en nag te reageer op dit wat van "bo" is, is *geestelik* en **nie** natuurlik **nie**.

Wat is die verskil tussen natuurlike optrede en om geestelik te reageer? Hoe verskuif ons die klem van die natuurlike na die geestelike? Kan ons as mense verhoed dat ons omgewing deurslaggewend is in ons lewens?

Die antwoorde op hierdie vrae word duidelik gemaak in die bladsye van die Skrif. Wanneer u werklik hierdie antwoorde verstaan en toepas sal dit al u verhoudings herskep! Hierdie herskepping word moontlik gemaak deur die Heilige Gees wat binne-in u woon.

Omskryf deur die omgewing?

Jesus se dissipels was verbouereerd en angsbevange die aand toe Hy gevange geneem is deur wagte van die Hoë Priester. Toe Judas Jesus omhels, het die wagte Hom gou gearresteer. Simon Petrus se

onmiddellike reaksie was om na sy swaard te gryp en die wag naaste aan hom aan te val. Met 'n swaaihou na die Hoë Priester se dienskneg Malchus, het sy swaard die voornemende teiken gemis en 'n oor afgekap (Johannes 18:10). Toe Malchus sy hand na die kant van sy kop gelig het, het bloed begin afstroom en het hy die skerp pyn begin voel weens die sny wat hy toegedien is. Jesus het vinnig die afgesnyde oor aangeraak en Malchus gesond gemaak (Lukas 22:50-51)!

Jesus het aan Petrus gesê om sy swaard weg te sit en hom gewaarsku dat diegene wat met die swaard leef met die swaard sal sterf. Daarna het Hy Petrus daaraan herinner dat Hy Sy vader vir twaalf legioene engele kon vra indien Hy wou (Mattheus 26:52-53).

Sowat 30 jaar later skryf Petrus 'n brief aan Israelitiese Christene wat aan die suidelike kus van die Swart See woon (verg. 1 Petrus 1:1). Sy woorde illustreer die verskil tussen Christus se reaksie en sy eie daardie aand. "Omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg" skryf hy (1 Petrus 2:21). Petrus was 'n ooggetuie van Jesus se voorbeeld, "wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel" (vers 23).

Hoeveel keer moes Petrus nie deur die daaropvolgende jare die gebeure van daardie aand in sy gedagtes herleef nie?

Terwyl hy aan sy reaksie gedink het en hoe *total* verskillend dit was van Christus se reaksie, het hy besef hoe Jesus eintlik besig was om vir Sy dissipels 'n voorbeeld te stel. Hy het nie toegelaat dat ander mense se gesindhede of gedrag die bepalende faktor in Sy lewe word nie. Ure later, toe Jesus aan die paal vasgespyker was waaraan Hy sou sterf, het Hy afgekyk na ongevoelige soldate wat aan die voet van Sy kruis gehurk en Sy klere tussen hulle verdeel het en lootjies getrek het vir Sy naatlose jas. "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie," het Hy gebid (Lukas 23:34).

"Maar Jesus was die Seun van God" mag u dalk dink. "Sekerlik kan dit nie van 'n normale vleeslike wese verwag word om op dieselfde wyse te reageer nie!" Tog lees ons in Handeling 7 van Stefanus, die eerste Christen martelaar. Hy was na buite die mure van Jerusalem geneem om gestenig te word en tog was sy laaste woorde: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie" (vers 60). Met sy dood het hy die voorbeeld van sy Verlosser gevolg. Stefanus was nie gekenmerk deur bloot te reageer en uit te vaar teen die onregverdigheid om hom heen nie. Ten spyte van alles het hy eerstens op God reageer en die voorbeeld van Jesus Christus gevolg.

Hierdie is dramatiese voorbeelde van wat dit is om op God te reageer ten tye van 'n ernstige krisis. Die meeste van

ons het onself nog nie in sulke dramatiese konfrontasies bevind nie, so hoe is hierdie voorbeelde dan op ons van toepassing? Ons bevind onself bykans daagliks in situasies wat ons dwing om te kies hoe ons gaan reageer. In daaglikse omstandighede, met ons gesinne en by die werk, hoe hanteer ons die lewe se frustrasies en pyne? In watter mate is ander mense bepalend in ons lewens?

Om die self te probeer beskerm

Ons reaksies word telkemale gemotiveer deur begeertes om die self te beskerm en te bevoordeel. Ons raak betrokke in selfverdedigings-strategieë omdat ons nie seergemaak wil word deur ander mense nie. Dit is natuurlik, maar dit is nie die benadering wat Christus gekies het nie!

Let op die instruksies wat Jesus aan Sy dissipels gee in Mattheus 16:24-25 en Lukas 9:23-24. Hy verduidelik dat enigeen wat 'n ware begeerte het om Sy dissipel te wees, homself moet verloën, daagliks sy kruis moet opneem en Hom volg op die tog van die lewe. *Dink oor wat dit werklik beteken, omdat dit geheel en al teenstrydig is met die self-gesentreerde gees van ons tydvak.*

Selfverloëning vereis 'n gees van opoffering. Dit beteken dat ons erken dat 'n saak van veel groter waarde is as enigiets wat ons hier en nou kan bereik. Die profeet Jesaja het dit soos volg

uitgedruk: “Die aarde [sal] soos 'n kleed verslyt en sy bewoners soos muskiete sterwe; maar **my heil sal vir ewig bestaan**” (Jesaja 51:6). Hierdie teenstelling tussen die tydelike en die ewige behoort ons keuses in perspektief te plaas.

Die Christelike lewenspad begin met 'n gesindheid van self-verloëning eerder as een van self-vervulling. Dit behels 'n bereidwilligheid om nee te sê vir ons menslike begeertes en plesiertjies sodat ons die Werk kan doen waarvoor God ons geroep het.

Jesus se gehoor was goed vertrouwd met die kruis as Romeinse martelings-instrument. Hulle het die staande pale op die heuwels gesien waar die Romeinse diegene gehang het wat as vyande van die staat beskou was. Die Romeinse het 'n openbare skouspel gemaak van die teregstellings en het selfs 'n veroordeelde man gedwing om sy eie martelings-instrument na die plek te dra waar hy sou sterf. Dit is in hierdie konteks dat Christus gesê het Sy dissipels bereid moet wees om daaglik hulle las te dra. *Eenvoudig gestel moet ons Hom volg. Sy voorbeeld is van opperste belang en een wat ons moet nastreef om as Christene te volg.*

Om Christus se voorbeeld na te streef sal beslis kritiek en veragting van die wêreld om ons uitlok. Diegene wat egter Christus se dissipels wil wees moet aan Jesaja se vermaning

gehoor gee: “Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is! Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie” (Jesaja 51:7). Met wie is ons die meeste beïndruk – met God of met ander mense? Ons antwoord hierop sal bepaal watter besluite ons neem.

Dink aan baie van die Joodse geloofsleiers van Jesus se tyd. Bykans almal van hulle het sommige van Sy preke gehoor en baie het te hore gekom of het eerstephandse kennis gedra van Sy wonderwerke en genesings. Het u geweet dat heelwat van hulle werklik **geglo** het dat Jesus die Messias was maar stilgebly het omdat hulle hul status en reputasie belangrik geag het en nie die risiko wou loop om verstoot te word deur die “belangrike” mense in hulle gemeenskap nie (Johannes 12:42-43)?

Neem die voorbeeld van Nikodémus, 'n vooraanstaande Fariseër wat in die geheim na Jesus gekom het aan die begin van Sy bediening (Johannes 3:1-2). Ons lees van 'n voorval wat sowat twee-en-'n-half jaar later gebeur het gedurende die herfs Feestyd van 30 n.C. Van die leidende Fariseërs en Hoë Priesters het soldate gestuur om Jesus te laat haal vir ondervraging, maar hulle het met leë hande teruggekeer. Toe hulle gevra is om te verduidelik waarom dit die geval was het die verstomde soldate geantwoord dat hulle nog nooit iemand hoor

preek het soos Jesus gepreek het nie (Johannes 7:46). Die ontstoke Fariseërs het afbrekend geantwoord met die vraag: “Het iemand uit die owerstes in Hom geglo, of uit die Fariseërs?” (vers 48). Die antwoord op daardie vraag was eintlik “**ja**” – maar hulle het dit nie geweet nie! Nikodémus wat teenwoordig was as deel van die geselskap *het hulle nooit vertel* van sy geloof nie. Toe hy 'n gematigde vraag vra in 'n poging om hulle benadering teenoor Jesus te versag, is hy dadelik stilgemaak (vers 50-52). Hy het nie gestry of enigiets verder gesê nie. Nikodémus en Josef van Arimathea asook ander was “geheime” dissipels, moontlik uit vrees vir die geloofsleiers of omdat hulle hul goedkeuring wou hê (verg. Johannes 19:38).

Hierdie vrees vir verstoting en vel kritiek het 'n uiterlike ooreenkoms by baie gelowige Jode in Jesus se tyd tot gevolg gehad. Aan die een kant het hulle erken dat hierdie Leraar uit Galilea van God afkomstig was maar was nogtans baie huiwerig om enigiets te sê of te doen wat hulle direk sou verbind met so 'n omstrede persoon. Hulle moes egter uiteindelik almal hierdie kwessie aanspreek: “Wie se opinie tel nou eintlik?” Was dit God se goedkeuring of dié van hul mede-Jode wat die belangrikste was?

Met Jesus se arrestasie, verhoor en teregstelling moes Nikodémus en Josef van Arimathea in die openbaar standpunt inneem (Johannes

Waar is die “Verlore” Stamme van Israel? (Vervolg vanaf bladsy 9)

Náftali is “soos 'n wildsbok so vry ... wat mooi woorde laat hoor” (vers 21) en Benjamin soos “'n wolf wat verskeur” (vers 27).

Hierdie antieke profesieë – wat bedoel is om in die laaste

dae verstaan te word – verduidelik die ligging en eindtyd rolle van die hedendaagse Israelitiese nasies. Die Kerk wat Jesus Christus gevestig het, het die opdrag gekry om die mense

van hierdie nasies in te lig *waarom* hulle geseën was en wat die toekoms vir hulle inhou. §

Die Uitverkore Volk (Vervolg vanaf bladsy 14)

Israel (Jesaja 29:4-7; Jeremia 6:26; 15:1-8; Hosea 5:5) en die gevolglike heengaan van herleefde heidense magte in Europa sal 'n ontnugterende getuienis aan die wêreld wees dat daar 'n ware God is wat in mensegeskiedenis ingryp en dat Sy voornemens sal staan (Deuteronomium 29:24-29).

Die Bybelse konsep van God se uitverkore volk is nie 'n

geringe kwessie nie. Dit verduidelik waarom sekere volke die ontvangers was van so baie fisiese seënninge. Die Skrif onthul waarom God Israel as Sy volk gekies het en verskaf leidrade tot hul huidige identiteit en plekbepaling. Bybelprofesieë dui aan dat die hedendaagse Israelitiese volke die spit sal afbyt tydens die komende verdrukking weens hul

nasionale sonde. Nietemin, ongeag *enigiemand* se nasionale erfenis sal *almal* wat hulself bekeer – hul leefwyse verander – en begin leef volgens God se wette, deel kan word van God se uitverkore volk (1 Petrus 2:9) en saam met Christus regeer in die komende Koninkryk van God. §

Wat is deurslaggewend in u lewe? (Vervolg vanaf bladsy 23)

Jerobeam se bevreesdheid oor die toekoms (en sy begeerte vir sekuriteit vir hom en sy nageslag) het daartoe gelei dat hy 'n menslike strategie gevolg het wat die hele nasie in afgodery laat verval het. God en Sy beloftes was nie vir Jerobeam 'n *werklikheid* soos wat dit dekades vantevore vir Koning Dawid was nie. Jerobeam het die weg gevolg wat vir hom reg gelyk het eerder as om God se beloftes te glo en op sy Skepper te vertrou om alles te laat uitwerk.

Dit is natuurlik om op die

wêreld om ons te fokus en toe te laat dat ons besluite en gedrag daardeur bepaal word. Dit is heel natuurlik om op ons omgewing te reageer – die mensdom doen dit op stuk van sake dan al sedert die tyd van die Tuin van Eden, toe Eva na Satan se “pleidooi” geluister het en Adam sy vrou gevolg het! Om dít te doen wat natuurlik kom, eindig egter in die dood.

Aan die ander kant bied God ons Sy Heilige Gees sodat ons die trekkrags van die vlees kan oorkom en dít wat natuurlik kom kan *weerstaan*. As ons die

leiding van die Gees volg is ons op die pad na die ewige lewe (Romeine 8:12-13).

In welke mate reageer ons nêr op wat rondom ons aangaan en doen ons wat van nature kom? Of gebruik ons God se Gees om die natuurlike weg te verstoot en die **geestelike weg** te volg en te reageer op dít wat van “bo” is? “Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God” (vers 14).

Wat is deurslaggewend in u lewe – dit wat óm u is of dit wat van “bo” is? §

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

opwinding weg vir jongmense wanneer hulle later vertel word dat die kragtigste mag in die heelal *God se Heilige Gees* is.

Onthou Paulus se woorde: "Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van **krag** en liefde en selfbeheersing" (2 Timotheus 1:7). Vir gans te veel mense wat swart op wit van **God se** "mag" lees, is dit egter nie *naastenby* so "werklik" nie as om van die *fiktiewe* "Mag" te hoor in die een of ander grootskerm filmaanbieding, kompleet in volkleur en lewensgetroue klank!

Dit beteken nie dat daar vir diegene wat God se waarheid ken geen normale vermaakwaarde in party van hierdie aanbiedings is nie. Selfs hier moet ons egter *baie* versigtig wees oor die hoeveelheid tyd wat ons hiervoor opsy sit en watter gedagtes ons toelaat om ons verstande in te dring.

Geagte vriende, ons is *almal* betrokke in 'n geestelike **oorlog**, of ons dit besef al dan nie! Die "owerste" van hierdie aarde se atmosfeer wil ons verstande en die verstande van ons jongmense beheer. Hy sal elke denkbare streek en werktuig aanwend in die stryd om ons

verstande te wen. Een van sy hoofwerktuie is om die "ontvlugting-sindroom" te gebruik wat so oorheersend is in ons moderne samelewing.

Omdat die meeste mense God nie werklik "ken" nie en nie baie kennis van Sy *doelstellings* vir hul lewens het nie, verlustig hulle hulself in ongekende ure van ontvlugting – deur rolprente en televisieprogramme te kyk, fiksie te lees en sinnelose speletjies te speel. Satan *kan* allerlei vals gedagtes van wat reg en verkeerd is in hul gedagtes plaas en doen ditook – insluitend vals gedagtes van die ware aard van God en Sy doel. Deur sommige van die profetiese gebeure van die Bybel na te boots en goedkoop te maak, kan Satan die begrip van miljoene mense **verdraai**. Waar Hy praat van hierdie ganse Satanistiese stelsel, sê God: "**Gaan uit** haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaes ontvang nie" (Openbaring 18:4). Soos die apostel Paulus geïnspireer is om te skryf: "Want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word

teen die kennis van God, en **elke gedagte** gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus" (2 Korintiërs 10:4-5).

Die stryd om *u verstand* gaan dag en nag voort. Sal u Satan **weerstaan**? Sal u in 'n ware, Christusgeleide **ontsnapping** uit hierdie menslike samelewing van sonde kom en nie toelaat dat die duiwel met u verstand mors deur blootstelling aan tallose ure van rolprente en televisie nie? Sal u **God soek** deur werklik u Bybel te *bestudeer* en toe te laat dat Sy *gedagtes* en begrippe van wat reg en verkeerd is u denkwysse oorheers?

Die keuse berus by u!

Mag God u help om *waarlik* te **bewys** dat Sy Woord – die Bybel – *regstreeks* geïnspireer is. Mag Hy u help om beheer te neem van u tyd en waarna u kyk en luister, sodat u werklik die vals konsepte en beelde kan vryspring wat hierdie samelewing se *ontvlugting* onder Satan se invloed so grootskaals bevorder. Mag God u ook help om Sy Woord te bestudeer soos nooit tevore nie, sodat Sy planne en Sy weë die uiteindelijke **werklikheid** in u lewe kan word.

Roderick E. Meredith

**Kom besoek ons gerus by ons Afrikaanse
Webblad: <http://www.wvm.co.za>**